

HOOFSTUK 2

AGTERGROND EN TRADISIËS

2.1 Tradisies oor die skepping van mens

2.1.1 Inleiding

In die konsep van die Israelitiese volk van die Ou Testament het die begrip "tradisie" 'n gelaaiete betekenis. In die dissipline van die godsdienstwetenskap vandag is dit 'n veelkantige begrip wat op verskillende maniere geïnterpreteer word.

Die skeppingstradisie van die volk Israel soos dit in die Ou Testament in Genesis opgeteken is (Gen 1:1-2:25), vorm deel van die *Heilsgeschiede* van hierdie volk. Alhoewel die skeppings-, aartsvader-, uittog-, woestyn-, intog-, Sions- en Dawidstradisie die heilsgeschiedenis van Israel saamvat, wys Richardson (1962:170-172) daarop dat die hele geskiedenis van Israel in 'n sekere mate heilsgeskiedenis is. Anders gestel, beteken dit dat, omdat God oral in hierdie volk se geskiedenis betrokke was en daar nie duidelik tussen sekulêre en godsdienstige elemente van die geskiedenis onderskei kan word nie, daar gevolglik geen sekulêre geskiedenis in die Bybel is nie. De Moor (1997:245) is van mening dat vir beide die antieke en die moderne mens die heilsgeskiedenis slegs geloofwaardig sal wees indien dit in die mens se eie wêreld gewortel is.

Binne die konteks van die antieke mens kan die verklaring van Deist (1990:262) op die algemene begrip "tradisies" van toepassing wees. Hy noem dit 'n redelike konsekwente samevatting van kennis, dogmas, opvattinge, politieke en/of religieuse standpunte en so meer wat van geslag tot geslag mondeling of skriftelik oorgedra word. Uiteraard sal elke volk sy eie tradisies hê.

Willis (1993:18-19) noem dat die raaisel oor die ontstaan van die wêreld 'n sentrale probleem vir alle mitologieë is. Soms word die begin van alle dinge as 'n totale leegheid, of 'n oneindige uitgestrektheid van water of selfs 'n ongedifferensieerde wildernis wat in duisternis gehul is, beskryf. Sommige mitologieë definieer die stryd tussen skeppingsorde en vernietigende chaos in terme van 'n ewigduerende siklus van

skepping en vernietiging. Ryken et al (1998b:179-180) meen dat "skepping" in die Bybel na beide die daad waardeur God die heelal geskep het en na die produk van daardie daad verwys. Soos in Genesis 1 beskryf, bring God orde in die oerchaos. In die antieke konteks kom hierdie motief van die ordening van chaos ook in ander skeppingsmites, soos die Egiptiese en Mesopotamiese, voor. Volgens Cassuto (1961:7-8) was allerlei skeppingsverhale deur die lande in die Antieke Nabye-Ooste versprei. Baie van hierdie verhale was in die vorm van epiiese gedigte. In die meeste gevalle het dit met 'n teogonie begin oor die gode wat voor die ontstaan van die wêreld en die mens daar was. Verhale is vertel van die antagonisme tussen die gode en die oorloë wat hulle onderling gevoer het. Cassuto (1961:7, 9) meen ons kan aanvaar dat daar intermediêre skakels was wat die gaping tussen die nie-Israelitiese en Bybelse mites oorbrug het. Hierdie tussengangers was waarskynlik die groepe wysgere wat sogenaamde eksponente van "internasionale wysheid" was. Hy noem ook dat, wat die skepping betref, dit die doel van die Tora is om te onderrig dat die hele wêreld en alles wat dit bevat deur die woord van dié Een God volgens sy wil geskep is.

Westermann en Albertz (1962:358) meen 'n oorsig oor antieke literatuur dui daarop dat verhale oor die skepping van die mens op 'n tydstep onafhanklik was van dié van die skepping van die wêreld. Skeppingsverhale oor die mens kan na primitiewe godsdienste teruggespoor word, terwyl verhale oor die skepping van die wêreld slegs in hoogsontwikkelde kulture¹² voorkom. Die twee skeppingsverhale in die Ou Testament pas in hierdie patroon van ontwikkeling. Genesis 2 is die verhaal waarin die skepping van die mens 'n sentrale plek inneem, terwyl dit in Genesis 1 primêr oor die skepping van die wêreld handel en die mens aan die einde genoem word. Laasgenoemde verhaal is later as dié oor die skepping van die mens bygevoeg. Die verskil tussen die twee tradisies¹³ kom ook duidelik uit in die manier waarop God geskep het. In Genesis 1 skep God die wêreld deur woord en daad¹⁴, terwyl Hy in Genesis 2 soos 'n vakman te werk gaan. Aangesien die redaktor(s) doelbewus teenstellende konsepte van twee verskillende outeurs langs mekaar geplaas het, kan die afleiding gemaak word dat hulle daarmee wou impliseer dat nie een van die konsepte die

¹² Byvoorbeeld die Babiloniese skeppingsmite, die *Enuma Elish*.

¹³ Genesis 1 word aan die Priesterbron toegeskryf en Genesis 2 aan die Jahwis. Vir verdere uiteensetting sien bespreking in §2.1.3.1.

¹⁴ God maak, skei en laat voortspruit, byvoorbeeld Genesis 1:6 "... Laat daar ... laat dit skeiding maak ...; Genesis 1:11 ..."Laat die aarde voortbring ...".

skepping van die wêreld en die mens na behore kan uitbeeld nie. Die skepping bly inderwaarheid 'n misterie.

Westermann (1984:21-22) voeg hierby dat verhale oor die oorsprong van die wêreld en die mens nie die resultaat is van 'n intellektuele navraag oor die oorsprong van die hier en nou nie, maar dat dit spruit uit 'n behoefte aan sekuriteit in die lig van 'n bestaande situasie. Hy noem verder dat daar nie 'n kwessie is van literêre afhanklikheid – direk of indirek – tussen die talle en wydverspreide skeppingsmites nie. Wat die Bybelse weergawes betref, moet dit binne die konteks van hierdie versameling verhale en genres geplaas word om dit beter te verstaan en ook die verskille waar te neem.

Ten spyte van die verskille in die skeppingsverhale van Genesis 1 en 2, stem die verhale daarin ooreen dat die skepping aan die vrye en spontane inisiatief van God toegeskryf kan word. Die persoonlike verhouding tussen Jahwe en sy skepping word lewendig en duidelik in die weergawe van die Jahwis uitgebeeld [Gen 2:4b-25]. Hiervolgens het Jahwe die mens uit die aarde gevorm [Gen 2:7]. Die woord יצר [vorm/formeer] suggereer die beeld van 'n pottebakker wat besig is om sy klei te vorm. Die sterk antropomorfisme van die verhaal verlaag egter nie die Skepper tot die vlak van die mens nie. Dit verhef ook nie die mens tot 'n vlak gelykstaande aan God nie (Anderson 1962:728). Von Rad (1972:58) sluit hierby aan en verwys daarna dat volgens 'n aantal antieke Oosterse mites die god 'n mens (of 'n god) na sy beeld of gelykenis maak. In hierdie verband is dit betekenisvol dat die farao in antieke Egipte beskou was as "the image of God living on earth" [sic: beeld van 'n god op aarde]. Dit beteken dat hierdie beeld 'n ooreenkoms toon met die oorspronklike voorkoms van die god.

Kruger (2001b:214, 219) wys daarop dat 'n skeppingsmite 'n verhaal is wat die oorsprong van die natuurlike wêreld en die mensdom weergee. Mites kan as 'n infrastruktuur van religieuse oortuigings en kulturele sisteme diens doen. Terselfdertyd kon sekere tipes mitologiese literatuur in antieke tye polemies funksioneer ten opsigte van omstrede standpunte wat deur groepe of individue gehuldig is.

Naudé (1986:754-757, 760) se standpunt is dat skeppingsmites 'n poging van die mens is om die onbekende binne te dring. "Dit is voorstellings van onbewuste en

voorbewuste prosesse wat die ontstaan van die mens se bewuswording van die wêreld en homself beskryf" (1986:754). Waar die mens met die onbekende te doen kry, projekteer hy 'n argetipiese beeld, wat met die instinkte van die mens te make het. Skeppingsmites beskryf nie die oorsprong van die kosmos nie, maar "verwys na psigiese prosesse wat die groei van die bewussyn van die mens uit die onbewuste begelei" (1986:760).

Israel was voortdurend blootgestel aan die invloed van die godsdienste van die omringende volke. Dit is onvermydelik dat so 'n blootstelling sou meebring dat hulle aan die meer sigbare afgodsdienstebeoefening van die heidense volke meedoen. Dit blyk duidelik uit die talle uitsprake deur profete teen Israel en Juda oor afgodsdienste, veral die Baälaanbidding¹⁵. Die omringende volke het almal skeppingsmites gehad wat ten minste die herkoms van die gode verklaar het. Dit moes sekerlik aanvanklik, vóór die optekening van die skeppingsverhale, vir Israel 'n verleentheid gewees het dat hulle nie 'n "amptelike" verhaal het wat die almag en grootheid van hulle God, die Skeppergod van die heelal, in sy totaliteit beskryf nie. Volgens die huidige standpunt van geleerdes¹⁶ is die verhaal wat meer klem lê op die skepping van die mens (Gen 2:4-24) vroeër opgeteken as die verhaal wat die grootsheid van die skepping van die heelal beskryf (Gen1:1-2:3). Die kompleksiteit van die hele ontstaansgeskiedenis van die Pentateug, en dus ook van die boek Genesis, maak dit baie moeilik om te bepaal op watter stadium die mondelinge oordrag van die skeppingsverhale van Israel begin het. Die blote feit dat geleerdes die afgelope dekades die Bronnehipotese¹⁷ bevraagteken, toon dat daar nog lank nie – en moontlik op geen stadium – duidelikheid gaan wees oor die werklike totstandkoming van die Pentateug nie. Cassuto (1961:7-9) se standpunt dat daar tussengangers was – moontlik groepe wysgere – om die gaping tussen nie-Israelitiese en Bybelse skeppingsmites te oorbrug, verdien verdere refleksie.

2.1.2 Joodse mites en legendes¹⁸

Danksy die ontdekking van groot gedeeltes van die Mesopotamiese, Egiptiese, Hetitiese en Kanaänitiese literatuur is dit vandag moontlik om spore van Antieke

¹⁵ Voorbeelde van sodanige uitsprake vind ons in, onder andere, Jeremia 2:8; 7:9; 9:14; 11:17; 19:5; Hosea 11:2; 13:1 en Sefanja 1:4. Baäl was 'n Ugaritiese stormgod; ook as Kanaänitiese vrugbaarheidsgod geïdentifiseer.

¹⁶ sien §2.1.3.1.

¹⁷ sien §2.1.3.1.

¹⁸ sien definisies by §1.7.

Nabye-Oosterse mitologie in die Ou Testament raak te sien. In alle gevalle word dit deur Israel se godsdiens geakkomodeer deur die ouer heidense gode met Jahwe te verplaas. Direkte parallele word gevind in die skeppingsverhale (Gen 1-2), die Tuinverhaal (Gen 3), die Vloedverhaal (Gen 6-9) en Jahwe se geveg met die draak, ook die *Leviatan*¹⁹ genoem. In laasgenoemde geval is daar verwysings in die boeke Job, Psalms en Jesaja²⁰. Meeste van die mitologiese teksgedeeltes in die Ou Testament kom voor in boeke wat gedurende of ná die Babiloniese ballingskap [587-538 v.C.] gedateer word. Geleerdes van die 19e eeu was van mening dat die Jode tydens hulle ballingskap met hierdie mitologiese materiaal kennis gemaak het. Danksy meer resente ontdekkings, byvoorbeeld die Ras Shamra-tekste²¹, is dit duidelik dat baie van die mitologiese materiaal na Kanaänitiese oorspronge teruggespoor kan word. Daar is ook volop getuienis dat, reeds so vroeg as die 2e millennium v.C., mites van die onderskeie Antieke Nabye-Oosterse volke vryelik buite hulle grense gesirkuleer het (Gaster 1962d:481, 484). Kruger (2001a:50, 52) stem saam met Gaster se siening en noem dat dit algemeen aanvaar word dat die inhoud en funksie van Genesis 1-11 baie soortgelyk is aan die inhoud en funksie van die Antieke Nabye-Oosterse mites. Dit is algemene kennis dat Genesis aangepaste weergawes of fragmente uit die Babiloniese mitologie bevat. Dit is moeilik om godsdiens en mites van mekaar te skei. Mites word dus as 'n godsdienstige konsep beskou en kan waardevolle bondgenote van godsdiens wees.

Moderne antropologiese studies toon dat mites algemeen onder primitiewe volke by seisoenale feeste voorgedra is. Die mites het die feeste verklaar en die gepaardgaande rituele bekragtig. Uit genoemde studies het 'n teorie ontstaan dat talle van die literêre mites verfynde weergawes van antieke oorlewerings is. In 'n beoordeling van hierdie hipotese is dit belangrik om 'n duidelike onderskeid te tref tussen die oorsprong van 'n literêre genre en dié van 'n bepaalde komposisie (Gaster 1962d:485).

Dit is volgens Gaster (1962d:485, 486) te verwagte om in Bybelse poësie 'n konstante onderstroom van mitiese voorstellings of motiewe te vind. 'n Vergelykende studie van volksliteratuur toon dat tradisionele volkslegendes neig om ook mitologies

¹⁹ Sien §2.3.2.5.

²⁰ Job 3:8; Psalm 74:14; Jesaja 27:1.

²¹ Tekste wat by Ras Shamra, 'n florerende Ugaritiese hawestad in Sirië aan die Middellandse See gevind is; die stad is aan die begin van die 12e eeu v.C. vernietig.

gekleur te wees. Historiese persone en gebeure is dus met ideale mitiese karakters en situasies geassimileer. Daar moet egter teen die neiging gewaak word om in die ouer Bybelse narratiewe 'n blote historisering van standaard mitiese helde, soos *Gilgamesh*²², te sien. Gaster (1962d:486) is ten slotte van mening dat 'n mite die element is wat aan godsdiens ewige lewensduur en relevansie gee.

Geleerdes aanvaar dit in die algemeen dat die huidige geskrewe Bybelse tekste vir 'n baie lang tyd as mondelinge literatuur bestaan het alvorens die mondelinge tradisie na 'n geskrewe tradisie oorgedra is. Alle mondelinge literatuur is egter nie van dieselfde aard nie. Daar moet onderskei word tussen "geleerde" en "volks"-mondelinge literatuur wat soms in verskillende en soms in dieselfde genres bestaan. Eersgenoemde was deur persone soos priesters en skrifgeleerdes geskep en oorgedra, terwyl die volks-mondelinge literatuur, soos legendes en spreuke, aan feitlik al die lede van die gemeenskap bekend sou wees. Die bestaan van Ugaritiese teksfragmente in die Bybelse literatuur is nie noodwendig 'n bewys vir die bestaan van 'n mondelinge epos in die antieke Israelitiese kultuur nie. Dit lewer getuienis daarvoor dat Israelitiese geskrewe literatuur 'n uitspruitsel van Wes-Semitiese geskrewe literatuur is (Jason 1995:280-285).

Moye (1990:580-582) toon aan dat in die Bybel 'n proses van wederkerige transformasie plaasgevind het. Daar het in Genesis nie slegs 'n ineenvloeiing van epos en geskiedenis asook van geskiedenis en Wet geskied nie, maar ook 'n samesmelting van mite en geskiedenis sowel as mite en genealogie. Die openingsvers in die tweede skeppingsverhaal (Genesis 2:4a) lui:

"Dit is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskape is", wat in effek 'n narratiewe genealogie van die skepping is. Terselfdertyd dien hierdie vers as 'n skakel tussen twee skeppingsverhale met mitiese motiewe. Die funksie van die genealogie is dus hier om die mite van die oorsprong van die heelal aan die oorsprong van die mensdom te bind deur die twee verhale met mitiese motiewe in 'n vinnig-bewegende narratief aanmekaar te skakel. Die Bybelse redaktors het waarskynlik opsetlik die twee verhale naas mekaar gestel en sodoende 'n beweging vanaf die Goddelike skeppingsorde na 'n wanorde van die menslike terrein gelei, met die

²² Held in die Mesopotamiese *Gilgamesh*-epos, wat die naaste parallel aan die Bybelse Vloedverhaal (Gen 6-9) is; die volledige weergawe van dié epos dateer uit die 7e eeu v.C. (Gaster 1969:82).

gevolglike skeiding tussen God en mens. Moyer (1990:584-585) wys voorts daarop dat die soektog na 'n geskikte maat vir die man 'n verdere kontras in die skeppingsverhaal toon. Die vrou wat uit die man geneem is, dui eerder op 'n afsnyding as 'n verdeling (Gen 2:23):

"Toe sê die mens: Dit is nou eindelijk been van my bene en vlees van my vlees. Sy sal man[nin] genoem word, want sy is uit die man geneem"

terwyl Genesis 2:24 dien om beide afskeiding en die begeerte tot vereniging in een vlees uit te lig:

"Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef.
En hulle sal een vlees wees".

Volgens Cassuto (1961:90-92) is die duplisering van die skeppingsverhaal van die mens in Genesis nie teenstrydig met die Semitiese denkwysie nie. Daar was dus geen rede waarom die Tora nie die tema kon dupliseer en beide antieke epiiese gedigte kon opneem nie. So 'n herhaling was in ooreenstemming met 'n stilistiese beginsel om eers 'n algemene verklaring te maak en daarna in detail daarop uit te brei. In die eerste verhaal word die skepping van een van die skepsels van die materiële wêreld in die algemeen genoem, terwyl die tweede verhaal 'n volledige beskrywing van die skepping van die mens gee. Hierdie gebruik kom voor in die Bybelse literatuur sowel as literatuur van die res van die Antieke Nabye-Ooste. Vir die Hellenistiese denkpatroon was hierdie duplisering egter 'n vreemde gebruik. Heelwat later, nadat die Jode aan die Griekse denkwysie gewoond geraak het, het die rabbynse wysgere hierdie herhaling van die skeppingsverhaal bevraagteken. Dit is in die Misjna van *R Eliezer b R José*, die Galileër, soos volg verklaar: "The listener may think that this is another narrative, whereas it is only the elaboration of the first" (Cassuto (1961:92). In die eerste verhaal val die klem op die skepping van die man, terwyl in die tweede verhaal die klem op die skepping van die vrou val.

Die beskrywing van die oorspronklike staat van geluk en onskuld van die mens in die Tuin van Eden is een van die bekoorlikste idilles in die literatuur. Die narratief word deur kinderlike eenvoud en ontvanklikheid gekenmerk. Alhoewel die suiwer mitologiese fase nie meer in die verhaal in Genesis sigbaar is nie, is die mitiese agtergrond wel oral sigbaar – die spesiale bome, die slang wat praat, die gérubs en die vlammen-de swaard. Hierdie embleme is almal uit 'n antieke godsdiensttradisie afkomstig. Die

diepte van sedelike en religieuse insig in hierdie teksgedeeltes is onoortreflik in die Ou Testament (Skinner 1976:51-52).

Danksy sóveel Antieke Nabye-Oosterse literatuur wat die afgelope aantal dekades ontdek en bestudeer is, is dit vandag moontlik om die neerslag van mites en legendes van Israel se bure in die Bybel raak te sien. 'n Behoorlike in-diepte navorsing van hiérdie aspek deur 'n vergelyking van die stof in die Ou Testament met ander antieke literatuur sal waarskynlik verstommende resultate oplewer. As in ag geneem word hoeveel publikasies oor die herkoms van Jahwe, asook die onderskeie funksies van Jahwe en *El*²³ in die Ou Testament, die afgelope dekades die lig gesien het, is dit duidelik dat navorsing oor die invloed van mites op die Bybel nog lank nie uitgeput is nie.

Die volk Israel het waarskynlik uit twee of selfs meer groepe – elk met sy eie tradisies – tot stand gekom. Gottwald (1987:261-288) noem drie hipoteses oor die oorsprong van hierdie volk. Die huidige erkende hipotese is dié een wat daarop aanspraak maak dat hulle deurentyd deel van die inheemse Kanaänitiese bevolking was. Hulle het waarskynlik saam met 'n sektor van die Kanaäniete teen die heersers en hoër klasse in die stadstate in opstand gekom. Daarna het hulle hul eie politieke en godsdienstige orde gevestig. Met hierdie vestiging het hulle tradisionele verbondsgeskiedenis ook beslag gekry. Godsdien en mite gaan egter hand aan hand. Dit is bykans ondenkbaar dat Israel nie deur die Kanaäniete se godsdien en mites beïnvloed sou word nie. Die dekades-lange Jahwe-*El* debatte, asook dié oor die oorsprong van die tradisies van die Pentateug, is 'n duidelik genoeg aanduiding dat die mites en legendes van die Antieke Nabye-Oosterse volke 'n wesentlike invloed op die inhoudelike samestelling van die Masoretiese Teks gehad het.

2.1.3 Twee skeppingsverhale in die Ou Testament

Soos in die "Probleemstelling" van hoofstuk 1 aangedui, is die Christelike en Joodse tradisies rakende die skepping van die mens in twee verhale in die Bybel opgeteken, naamlik in Genesis 1 en 2 wat onder andere noem:

"En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape" (Gen 1:27).

²³ *El* was die erkende hoofgod van die Kanaänitiese panteon.

"En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus geblaas die asem van die lewe. So het dan die mens 'n lewende siel geword. Ook het die Here God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas. Toe het die Here God 'n diepe slaap op die mens laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak. En die Here God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot 'n vrou en bring haar na die mens. Toe sê die mens: Dit is nou eindelijk been van my bene en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem" (Gen 2:7, 18, 21-23).

2.1.3.1 Ontstaansgeskiedenis van die boek Genesis: oorsigtelike bespreking

Genesis is die eerste boek in die Bybel en daarmee ook die eerste boek van die Pentateug. Volgens Freedman (1962:712) word die Pentateug, wat die eerste vyf boeke van die Ou Testament bevat, as die belangrikste afdeling van die Masoretiese Teks beskou. Dit het die hoogste gesag onder die Jode, selfs meer as die Profete en Geskrifte. Tradisioneel was dit beskou dat dié vyf boeke deur Moses geskryf is. 'n Geheelte van die Pentateug is deel van 'n groter literêre eenheid²⁴ wat die primêre geskiedenis van Israel weergee. Hierdie primêre geskiedenis vertel die verhaal van Israel in die konteks van totale menslike ervaring, dus vanaf sy oorsprong tot die ineenstorting van die Koninkryk van Juda en die gevolglike Babiloniese ballingskap (Freedman 1962:711-712). Navorsing oor Genesis moet dus uiteraard ook die Pentateug in sy geheel van tyd tot tyd in ag neem. Terselfdertyd vertoon Genesis, in kontras met die ander vier boeke van die Pentateug, 'n spesiale tipe uniekheid wat aparte hantering regverdig (Eissfeldt 1962:367).

Venter (1987:12-17, 31-43) is van mening dat die enigste sekerheid in die kanongeskiedenis die eindproduk is. Beskikbare gegewens oor die wordingsproses en die motiverings daarvoor is baie skraal. Vanaf die tyd van Abraham was daar telkens nuwe omstandighede waarin die Bybelverhaal afgespeel het. Veranderde omstandighede bring nuwe literatuur mee. Kanonvorming toets die versameling wat hy reeds opgebou het aan die eise van die nuwe tyd, herformuleer dit waar nodig en vul dit

²⁴ Deuteronomistiese Geskiedwerk bestaande uit die boeke Deuteronomium tot en met 2 Konings, uitgesluit Rut.

verder aan uit die nuwe beskikbare literatuur. Daar is geen direkte inligting beskikbaar oor die ontstaan en verloop van die kanonvorming nie. Verhale wat die oorsprong van gebruike of verskynsels verklaar, bou deur die jare op. Die literêre kritiek het in sy navorsing tot die gevolgtrekking gekom dat daar in die tyd van Dawid en Salomo 'n basisgeskrif tot stand gekom het. Al die bestaande tradisies en verhale oor die volk Israel se verlede is daarin verwerk tot een samehangende geskiedenis. Die talle stam- en streekstradisies wat in omloop was, is georden en op so 'n wyse aangebied dat die verskillende stamme, wat nou in die nuwe staat verenig is, 'n gemeenskaplike verlede het. Die skryfstyl en die gebruik van die Godsnaam, Jahwe, het aan hierdie basisgeskrif die benaming Jahwistiese geskiedenis besorg. Sekere dele van die Pentateug was op daardie stadium nog nie in die werk opgeneem nie. Die basisgeskrif het in die 7e eeu v.C. met ander literatuur uitgebrei om uiteindelik die boeke Genesis tot Konings te vorm. Op 'n latere stadium is verhale van die oergeskiedenis uit ander literatuur oorgeneem. Ná die inname van Samaria (van die Noordryk) in 722 v.C. het baie inwoners na Jerusalem in die suide gevlug. Dit het tot gevolg gehad dat die jahwistiese geskiedenis van die suide aangevul is met die noorde se losstaande oorlewerings uit die vroeë geskiedenis. Die deuteronomistiese heruitgawe het hierna tot stand gekom (Mondriaan 2002:54).

Gottwald (1987:15) voeg hierby dat die vorming en hervorming van mondelinge en geskrewe tradisies as 'n smeltkroes gesien kan word waarin die Bybelse literatuur deur verkorting, uitbreiding en kombinerings van tradisie-eenhede verfyn is. Hierdie verfyningsproses het deur verskillende stadia van ontwikkeling verloop totdat die finale produk ná etlike eeue bereik is. In die proses deur kritici om die literêre struktuur van die Bybel te ontrafel, word die intieme verbintenis tussen die Bybel as literêre versameling en die geskiedenis van die Joodse volk beklemtoon. Die Bybelse teks verskaf egter selektiewe inligting. Daar is byvoorbeeld baie meer oor die monargiese tyd bekend as oor die oergeskiedenis en die geskiedenis van die vroeë stamme [dus by name die geskiedenis in die boek Genesis].

West (1981:63-65) verduidelik dat dit eers gedurende die 18e eeu was dat ernstige pogings aangewend is om te differensieer tussen die verskillende komponente van die Pentateug volgens 'n teorie van meervoudige bronne of dokumente. HB Witter was die eerste persoon wat waargeneem het dat parallelle weergawes van die skepping verskillende name vir God gebruik, naamlik *Elohim* en Jahwe. Heelwat later

het Jean Astruc, op grond van alternerende Godsname, tot die slotsom gekom dat Genesis uit 'n Elohimbron en 'n Jahwebron saamgestel is. In 1780 het Eichhorn op grond van stylpatrone, asook karakteristieke woorde en frases dié twee bronne gekarakteriseer. In die vroeë 19e eeu is die hele Pentateug in die lig van hierdie hipotese ondersoek. Drie bronne, naamlik Jahwis-, Elohis- en Priesterbron, word geïdentifiseer. 'n Redaktor het die oorspronklike onafhanklike dokumente op 'n vindingryke wyse in 'n geheel gekombineer. Deuteronomium was eiesoortig en word die Deuteronomisbron genoem. In die tweede helfte van die 19e eeu is die vroeëre bevindinge deur Karl Graf en Julius Wellhausen gekontroleer. Die klassieke kronologie van J E D P is voorgestel. Hulle datering van die dokumente is moontlik gemaak deur WML de Wette se studies van Deuteronomium, die boek wat 'n sleutelement in die Bronnehipotese geword het. De Wette het reeds in 1805 tot die slotsom gekom dat Deuteronomium die boek was wat in die Jerusalemtempel gevind is en die basis van Josia se hervormings in die laaste deel van die 7e eeu was. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat Deuteronomium wette bevat wat lank ná Moses se tyd geskryf is en dat dit self 'n produk van die 7e eeu was. Graf en Wellhausen kon vasstel dat die Deuteronomis bekend was met die Jahwisstof en een van die Elohisbundels, maar nie met die Priesterstof nie. Derhalwe moes P 'n later bron wees, en J en E ouer as D. Volgens Wellhausen het die dokumente drie breë stadia van redaksie ondergaan, naamlik:-

- Die Deuteronomis het J en E in gekombineerde vorm geken; die redaksie van JE was dus voor 650 v.C.
- Die Deuteronomistiese kode is deur die D-redaktor ongeveer 550 v.C. bygevoeg; dit vorm JED.
- Die Priesterdokument is ongeveer 400 v.C. bygevoeg by JED; dit het JEDP asook die Pentateug soos dit vandag aan ons bekend is, as resultaat (Mondriaan 2002:54-55).

Voorstanders van hierdie hipotese kon egter nog nooit oor die toekenning van elke hoofstuk en vers aan 'n bepaalde bron saamstem nie.

West (1981:65-74) noem voorts dat sedert Wellhausen se tyd die oorspronklike hipotese aansienlike modifikasie ondergaan het. Geleerdes stem saam dat die oorspronklike bronne nie as dokumente ontstaan het nie. Die algemene siening is dat 'n lewendende, groeiende tradisiestroom ontwikkel het. Die tradisies het tot 'n groot mate langs

mekaar en in noue assosiasie met die godsdienstelewe van die geloofsgemeenskap ontwikkel. Dit word aanvaar dat elkeen 'n kern van baie ou tradisies bevat. Hierdie tradisies is oorspronklik mondeling oorgedra. Dit beteken dat gedeeltes van D of P net so oud, of ouer, as J en E kan wees. Die datums, soos deur Wellhausen voorgestel, is steeds tot 'n mate bruikbaar. Die voorgestelde datum vir J is na 950 v.C. vervroeg. Dit word ook nou bereken dat die Pentateug se finale stadium die werk was van 'n na-eksiliese redaktor. Die J-bron (Jahwis) wys die lae aan waarin die Godsnaam Jahwe oorheersend is of die kenmerkende eienskappe daarvan opvallend is. Dieselfde geld vir die E-bron met die gebruik van die naam *Elohim* vir God. Die D-bron is die naam wat aan die tradisie of skool gegee word wat, volgens talle hedendaagse geleerdes, beide die boek Deuteronomium en die finale uitgawe van die Vroeë Profete gelewer het. Die P-bron word onderskei deur sy onmiskenbare belang by die priesters en die kultus. 'n Mate van klassieke bronne-analise, gekombineer met 'n bewustheid van die komplekse mondelinge tradisie onderliggend tot die bronne, vorm die hedendaagse werkshipotese vir studie oor die Pentateug. Aan die begin van die 20e eeu het Hermann Gunkel en Hugo Gressman belangrike tekortkomings in die Bronnehipotese uitgewys, naamlik sy onvermoë om die groei van die Ou-Testamentiese tradisies binne die geskiedenis van die volk aan te toon. Dit lei tot die onvermoë om die essensiële godsdienstige ervarings wat die tradisies beliggaam, vas te lê (Mondriaan 2002:55-56).

Daar is die afgelope aantal jare ernstige kritiek deur geleerdes teen die ou Bronnehipotese ingebring. Daar word 'n algemene herwaardering van die datering en funksie van die bronne of oorleweringskringe gedoen. Die vraag word gestel of daar nie, onder andere, meer ruimte gemaak moet word vir 'n veel langer wordingsproses nie. Dit is ook nie duidelik of daar hoegenaamd nog van bronne of 'n JEDP-gelaagdheid gepraat kan word nie. Moontlike radikale wysigings oor die bestaande beskouings van die Pentateug sou beteken dat alle teologiese analises oor die ontstaanskronologie ingrypend verander sal moet word (Vosloo 1987:87).

Van Dyk (1990:191-202) bevestig dat, sedert ongeveer die sewentiger jare, heroorewing aan die Pentateug Kritiek geskenk word. Dit word nou aanvaar dat daar ernstige probleme rondom hierdie hipotese bestaan. Die heersende standpunt van die Nuwe Pentateug Kritiek is dat heelwat van die Jahwistiese materiaal later opgeteken is as die datum wat oorspronklik genoem is. Die implikasie is nou dat 'n veel langer

periode van mondelinge en geskrewe oordrag van die Pentateug-narratiewe oorweeg moet word. Hy is van mening dat die samestelling van die Pentateug heeltemal té kompleks is om dit as die resultaat van 'n paar outeurs se kreatiewe en saamgestelde werke te beskou. Daar is ook geen duidelikheid ten opsigte van enige van die boeke in die Ou Testament of dit uit enkel persoonlikhede, groepe of tradisiekringe ontstaan het nie. Wat Genesis betref, word die oorsprong in terme van mondelinge *folklore* verklaar.

Addisionele onafhanklike dokumente is sedertdien geïdentifiseer wat nie by die vier bronne van die ou Bronnehipotese kan inskakel nie. Genesis 14, byvoorbeeld, verskil sodanig van die ander aartsvaderverhale dat dit nie aan enige van die voorheen onderskeie bronne toegeskryf kan word nie. Die Pentateug kan beskou word as 'n kombinasie van die samestellings van drie afgebakende skole – D, H²⁵ en P – wat gedurende die 7e tot 4e eeu v.C. gefunksioneer het. Hierdie samestellings het die J en E tradisies ingesluit. Die komplekse ontwikkelingsproses²⁶ van die Pentateug het volgens aanduidings, oor 'n tydperk van 800 jaar gestrek²⁷ (Rofé 1999:91, 130, 135).

Die debat rondom die Pentateug Kritiek – wat deur kommentatore soos Vosloo, Van Dyk en Rofé bevraagteken word – is duidelik nog lank nie afgesluit nie.

Volgens geleerdes behoort kort teksgedeeltes, veral in die boek Genesis, aan die oudste laag Bybelse poësie. Hierdie poësie toon kenmerke van primitiewe uitdrukkings wat uit die gryse verlede deur mondelinge tradisies oorgedra is. In die eerste twee poëtiese teksgedeeltes, naamlik Genesis 2:17 en 4:6-7, is God self die Spreker (Kravitz 1972:4-5). Cassuto (1961:72) stem saam met Kravitz se siening dat daar onder die Israëliete baie ou poëtiese tradisies oor die skepping en die Tuin van Eden bestaan het. Die skeppingstradisie was waarskynlik afkomstig vanuit wysgeerkringe. Hulle was filosofiese groepe wat die misterie van die bestaan van die wêreld ondersoek het. Die tradisie oor die Tuinverhaal was 'n relatief eenvoudige onderwerp wat in sy kleurvolle en lewendige uitbeeldings die breë massa mense aangegryp het. Dit is vanselfsprekend dat die Tora, in sy onderrig oor die skepping van die wêreld en

²⁵ Die Skool van die Heiligheidskode (*Holiness Code*) wat een van die priestertradisies was (Rofé 1999:134).

²⁶ Vanaf die mondelinge oordragfase tot by die finale literêre eenheid.

²⁷ Vanaf die Rigterstyd (12e eeu v.C.) tot aan die einde van die Persiese Tydperk (4e eeu v.C.).

die mens, alle bestaande tradisies in ag sou neem – of hulle van wysgeerskole of populêre *folklore* afkomstig was. Cassuto (1961:72-73) noem dat, volgens sy eie hipotese, die Israëliete 'n epiese tradisie oor die Tuinverhaal gehad het voordat die Tora op skrif gestel is. Hierdie tradisie sou sonder twyfel van Israelitiese oorsprong gewees het, aangesien dit ondenkbaar is dat die Tora 'n epos van heidense oorsprong sou opneem.

Blank (1939:76) is van mening dat die Jahwis-weergawe van die skepping, asook die Tuinverhaal, op een of meer volksverhale gebaseer is. Die doel van die verhale was om antwoorde op die vrae van primitiewe mense te gee. Dit sal vrae insluit soos: waarom moet mense werk, waarom sterf die mens, waarom haat die mens slange, waarom dra mense klere en diere nie, hoe het diere hulle name gekry, waarom is kindergeboorte pynlik en waarom het 'n man en vrou mekaar lief? Al hierdie vrae word in die narratief beantwoord [Gen 2:4a-3:24]. Die benadering van die narratief is uit die gesigspunt van mense wat, redelik onwilliglik, begin om vanaf 'n pastorale na 'n landboukundige bestaan oor te skakel²⁸. Die verhale sou dus ten minste in dáárdie tyd ontstaan het [gedurende die 12e eeu v.C.]. Met verloop van tyd is die narratief aangepas. Die Tuinverhaal het nou ook antwoorde verskaf op die vraag hoe mense geleer het om landbou te beoefen, asook waarom daar 'n universele geloof is dat slange nie doodgaan nie, maar deur die vernuwing van sy vel 'n nuwe lewe kry.

Moye (1990:579) wys daarop dat die Bybel op 'n merkwaardige wyse uit uiteenlopende en dikwels teenstrydige, mites, fiksie, historiese narratiewe, dramas, genealogieë, wetskodes, profesieë, informele gebede, poësie, liedere en so meer, saamgestel is. 'n Verskeidenheid genres is oor 'n baie lang tydspan in een bundel versamel. Met spesifieke verwysing na Genesis meen hy dat dit moontlik is om vas te stel hoedat al die dele kunstig in 'n eenvormige narratief geweef is. Hiërdie narratief was vir baie eeue nie slegs as teologiese teks gelees nie, maar ook as 'n akkurate weergawe van die verlede.

Geen ander verhaal in die Ou Testament het die dramatiese effek en die epiese grootsheid van die inleiding van Genesis (Gen1:1-2:4a) soos deur die Priesterbron beskryf is nie. Dié klassieke liturgie van die sewedae-skepping sien die ordening in

²⁸ Vergelyk Jesaja 23:24-29.

die natuur as 'n manifestasie van God se plan, waarin die mens 'n unieke posisie beklee. Die refrein beklemtoon die poëtiese aard van die verhaal (West 1981:78). Speiser (1964:xxv) se standpunt is dat die Priesterbron se horisonne duidelik afgebaaken is. Sy wêreld word nie slegs vanaf die hemel bestuur nie, maar is ook hemelgesentreerd. In die majestueuse weergawe van die skepping speel die mens 'n passiewe rol. Von Rad (1972:63, 64, 66-67) meen dat hiêrdie weergawe van die skepping in essensie nie 'n mite of 'n sage is nie, maar 'n priesterlike dogma. Antieke heilige kennis is bewaar en deur baie geslagte priesters oorgelewer en voortdurend onderrig en oordink. Hierdie dogma is met omsigtigheid aangepas en uitgebrei om nuwe gedagtes en geloofservaringe in te sluit. Dit is verder duidelik uit verskeie onreëlmatighede in die Priesterdokument dat hierdie proses van oordrag hand aan hand gegaan het met radikale suiwering van alle mitiese en spekulatiewe elemente. Dit in sigself was 'n verstommende teologiese prestasie. Die P-bron se geloofsverklarings het in noue verband gestaan met die begrip van die "natuurwetenskap" van sy tyd/tye. Uit die oogpunt van die moderne wetenskap sal hiêrdie voorstelling van die skepping verouderd wees, maar eksegete mag nie die teologiese inhoud ignoreer wat deur Israel aan hierdie hoofstuk gegee is nie.

Alhoewel die P-bron vroeër ná-eksilies gedateer is, is daar al meer getuienis wat dele van die P-bron voor die ballingskap dateer – en selfs vóór die monargiese tyd. As voorbeeld noem Speiser (1964:xxv-xxxix) dat die styl van die genealogieë (Gen 5) van vóór die Vloedverhaal kenmerkend van die P-bron is, maar duidelik materiaal is wat vanuit antieke data afkomstig is. Die P-bron het waarskynlik 'n skool verteenwoordig met 'n ononderbroke geskiedenis vanaf die vroeë Israëlitiese tye tot in die ballingskap en daarna. Die redelike homogeniteit in die tradisies van die P-bron bevestig so 'n hipotese. Daarteenoor kan die Jahwis aan sy kragtige styl uitgeken word: sy duidelike en ekonomiese woordaanbieding, sy insig in die menslike natuur, asook sy erkenning dat daar 'n hoër Mag en doel agter die skynbaar onverklaarbare menslike gebeure skuil. Die Jahwis word nie slegs as die mees begaafde Bybelskrywer uitgesonder nie, maar ook as een van die grootste figure in wêreld-letterkunde. Deur die eenvoud van sy styl, byvoorbeeld deur die gebruik van 'n enkele sin, ontvou 'n karakter of kry 'n beeld betekenis. Dit is duidelik dat werk van so 'n eiesoortige persoonlike aard dié van 'n individuele outeur moet wees. Op hierdie stadium is daar nog geen duidelikheid tot watter mate die Jahwis en Priesterbron van mekaar afhanklik was nie. Dit kan met redelike sekerheid aanvaar word dat data vir Genesis – en

so ook vir die res van die Pentateug – nie deur 'n outeur(s) geïmproviseer is nie, maar van geslag tot geslag oorgelewer is.

Die boek Genesis bestaan hoofsaaklik uit twee dele, naamlik die oergeskiedenis (hoofstuk 1-11) en die aartsvaderverhale (12-50). Eersgenoemde skep 'n universele agtergrond vir die vroeë geskiedenis van 'n bepaalde volk, naamlik die Israëliete. Die oergeskiedenis is duidelik ten opsigte van Mesopotamië georiënteer. Die P-bron se weergawe van die skepping verskil wesentlik van dié van die Jahwis, maar toon verstommende ooreenkomste met die Babiloniese skeppingsmite, die *Enūma Elish*, uitgesonderd die konsep van 'n almagtige Skepper. Voorts maak die Tuinverhaal van Sumeriese leenwoorde gebruik, soos byvoorbeeld die naam *eden*. Wat die agtergrond van die aartsvadernarratiewe betref, kan dit ook vanuit Mesopotamië verklaar word. Die vraag kan ontstaan waarom die oergeskiedenis by die aartsvaderverhale ingesluit is. 'n Rede vir die majestueuse opening van die boek kan weer eens by Mesopotamiese literatuur gesoek word wat graag hulle temas na die skepping teruggevoer het (Speiser 1964:*liii-lvii*).

Alhoewel daar die afgelope paar dekades wesentlike kritiek teen die klassieke Bronnehipotese ingebring is, lewer dit steeds 'n goeie basis vir bestudering van die Pentateug. Die kompleksiteit van die totstandkoming van hiërdie versameling – soos die huidige Pentateug-debat aandui – asook die afwesigheid van relevante geskrewe bronne, maak dit eintlik onmoontlik om die ontstaansgeskiedenis te rekonstrueer. Dit kan met redelike sekerheid aanvaar word dat verskillende tradisies wat oor baie eeue hetsy mondeling of andersins oorgedra is, in hierdie komposisie tot 'n kunstige eenheid saamgevoeg is. Die verskillende outeurs – soos in die J-, E- en P-bronne geïdentifiseer – het elkeen op sy unieke, en kenmerkende manier 'n bydrae gelewer. Cassuto (1961:72) se voorstel dat die skeppingstradisie uit filosofiese groepe en die Tuinverhaal onder gewone mense ontstaan het, het meriete. Aansluitend hierby is Blank (1939:76) se sienswyse dat die Jahwis-verhale (Gen 2-3) bepaalde vrae van die gemeenskap op 'n tydstip van verandering beantwoord het. Volgens Vosloo (1987:87) en Van Dyk (1990:191-202) bevraagteken geleerdes die afgelope aantal jare die Bronnehipotese. Dit beteken egter nou nie dat, omdat daar oor 'n JEDP-gelaagdheid twyfel bestaan, daar nie wél vir Genesis 'n Jahwis-, 'n Elohis- en 'n Priesterbron – of die ekwivalent daarvan – was nie. Alhoewel die Jahwis deur sommige deelnemers van die Nuwe Pentateug Kritiek nou láter gedateer word as die voorheen

voorgestelde 950 v.C., kan dit steeds aanvaar word dat verhale op 'n vroeër tydstip, byvoorbeeld gedurende die 12e eeu v.C. – soos deur Blank (1939:76) voorgestel – ontstaan het. Op welke stadium dan ookal, het 'n redaktor mondelinge en geskrewe oorleweringe in 'n bundel saamgegroepeer.

In die antieke wêreld waarin mites so 'n groot rol gespeel het, is dit ondenkbaar dat verhale wat die grootsheid en wonder van die skepping beskryf, nie deur die bestaande mites beïnvloed sou wees nie. Die outeur wat die geskiedenis van Israel aan die oergeskiedenis van die mensdom wou koppel, het hiermee ook die almag van die Een ware God bo alle ander gode laat uitstyg.

2.1.3.2 Etimologie van die naam Adam

Adam [אָדָם] was die eerste mens wat deur God volgens sy beeld (צֶלֶם; Gen 1:27) geskep is (בְּרָא). Volgens Genesis 2:7 is Adam uit die stof van die aarde (אָרְצָה) gevorm (יָצַר). Nadat lewensasem in sy neus geblaas is, het hy 'n lewende wese geword (Wedderburn 1982:13).

Die Hebreeuse woord *'ādāmā* (grond, aarde) kom meer as 220 keer in die Bybel voor. Die term toon 'n ooreenkoms met die naam van 'n godin *Adamma*, *Admu* of *Adammateri* wat op spykerskriftekste van so vroeg as die 3e millennium v.C. voorkom. Op die veronderstelling dat die etimologie van *Adamma* Semities is, is "grond" of "aarde" die aanneemlikste verklaring vir die naam Adam. Die betekenis maak sin, aangesien die godin *Adamma* tradisioneel beskou word as die metgesel van *Rasap* (*Resheph*), die god van die Onderwêreld en dodelike siektes. Die vroegste verwysings na die godin *Adamma* kom voor in tekste uit Ebla, ca. 2400 v.C. Te oordeel aan die aantal teoforiese name, was die godin *Ada(m)ma* of *Ad(a)mu* ook in Fenisië bekend. Spore van 'n mitologiese agtergrond vir *'ādāmā* kan in sekere Bybelse tekste gevind word, byvoorbeeld Deuteronomium 7:13 en Job 5:6-7. In die Masoretiese Teks is *'ādāmā* feitlik in sy geheel gedemitologiseer (Van Koppen & Van der Toorn 1999:785-787).

Childs (1962a:42) wys daarop dat die term אָדָם (*'ādhām*) in Genesis 1-5 tussen die generiese gebruik daarvan en 'n einaam fluktueer. Die Jahwis pas dit meestal as 'n generiese term toe (Gen 2-3). Die etimologie van die stam is nog nie bevredigend

verklaar nie. Die tradisionele afleiding van die stam, naamlik "om rooi te wees", bly onseker. Genesis 2:7 bied 'n gewilde woordspel, naamlik die Here (Jahwe) God het 'ādhām (mens) uit die 'ādhāmāh (aarde) gevorm. Adam is dus 'n aarde-mens / aard-mens. Pope (1971:236) noem dat die woord *adamu* in Akkadies vir bloed gebruik word; *adamatu* beteken swart bloed, soos in patologiese toestande. In Suid-Arabies beteken 'dm 'n slaaf, terwyl dit ook as 'n teoforiese element in enkele persoonlike name, soos 'bd 'dm – slaaf van 'dm – voorkom. Gordis (1939:78) voeg hierby dat die woord Adam afgelei is van die eerste letters van die woorde *Anatole* (Ooste), *Dysis* (Weste), *Arktos* (Noorde) en *Mesembria* (Suide).

Die bedoeling van bogenoemde etimologie is nie om verklarend te wees nie, maar bloot aanvullend tot die bespreking rondom die skepping van Adam. Dit gaan hier ook oor die filologie. Die etimologie is 'n hulpmiddel tot 'n verduidelikende inleiding om vanaf die antieke wêreld – met die naam Adam wat uit die mites kom – tradisie-historiese lyne duidelik deur te trek na die skepping van Adam.

2.1.3.3 Skepping van Adam en die nawerking van die tradisies

Kravitz (1972:13) is van mening dat die een Skeppergod-gedagte aanleiding gee tot die idee van wêreldeenheid. Dit gee weer aanleiding tot die idee van die eenheid van die mensdom. Die mensdom as geheel het een vader gehad, naamlik Adam. Hy is dus die simbool vir die eenheid van die mensdom.

Adam is 'n leidende figuur in die Westerse literatuur en teologiese voorstellings. Hy is paradoks, beide as oorspronklik onskuldige mens en ook as oorspronklike sondaar. In die Bybelse verhaal van die skepping, sondeval en redding is hy die uitbeelding van die prototipe menslike figuur. Sy bybelse status is veel groter as die enkele kere wat sy naam, as eienaam in die Bybel genoem word, waarin daar ook verskillende voorstellings van hom is. In die eerste plek staan hy in 'n verwantskap met God as beeldraer van God. Terselfdertyd is hy aards, gevorm uit die stof van die aarde. Hierdie relasie word versterk deur die assonansie van 'ādām (mens) en 'ādāmā (aarde). As vader Adam is hy die voorvader van die hele mensdom. Uit die verbintenis

met Eva – moeder van al wat lewe (Gen 3:20) – word seuns en dogters gebore. Adam is egter 'n tragiese figuur wat as modelmens geseënd was met vrede en intimiteit by God, maar deur 'n irrasionele optrede (Gen 3) hierdie verhouding verbreek het (Ryken et al 1998a:9-14).

Hallevy (1971:236-238) wys daarop dat, volgens die Haggada, God die engele geraadpleeg het voordat Hy Adam geskep het. Hulle was ná Adam se skepping met soveel verwondering vervul dat hulle hom wou aanbid. 'n Alternatiewe weergawe meld dat toe God 'n diep slaap oor Adam laat kom het, die engele om daardie rede sy beperkings besef het. Nadat Adam gesondig het (Gen 3), het hy sy uitsonderlike voorkoms verloor. Gordis (1939:78) voeg hierby dat, weens sy goddelike voorkoms, die engele vir Adam as skepper van die wêreld wou aanbid. Hy was met besondere verstandelike en fisiese vermoëns toegerus, asook met ware geestelikheid. Die engele was egter jaloers op die mens wat bo alle ander skepsels verhewe sou wees. Die mens is, soos die engele, na die beeld van God geskep, maar besit die ekstra vermoë om 'n nageslag in die wêreld te bring.

Met verwysing na Genesis 1:26²⁹ verwerp Calvin (1965:92) die Jode se aanspraak dat God die aarde of die engele geraadpleeg het voordat Hy die mens geskep het. Hy beskou dit as heiligskennis wat met veragting hanteer moet word. Van der Horst (1999:5-6) sluit hierby aan en sê dat daar in die Bybel self geen aanduiding of tradisie is dat Adam ooit as 'n goddelike of engelagtige wese beskou is nie. Sekere tekste in vroeë rabbynse literatuur bevestig die bestaan van kettters wat verklaar het dat Adam as God se medewerker in die skepping opgetree het. Gnostiese bronne praat van *Adamas* deur wie alles tot stand gekom het. In vroeg-christelike bronne, veral die sogenaamde Adam-literatuur, kom die idee van tyd tot tyd voor dat Adam God se vise-regent was.

Ginzberg³⁰ (1909:54-55) wys daarop dat, volgens Joodse legendes, nadat die engele hulle goedkeuring gegee het dat die mens geskep word, God aan hulle opdrag gegee het om stof uit die vier hoeke van die aarde te versamel³¹. Die verskillende kleure

²⁹ "En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis ...".

³⁰ In sy voorwoord noem Ginzberg (1909:xi-xv) dat hy alle Joodse legendes wat na Bybelse persone en gebeure verwys, uit die oorspronklike bronne versamel het en so volledig en akkuraat as moontlik gereproduseer het. Die bronne is nie tot rabbynse literatuur beperk nie, maar sluit ook legendes uit ander Joodse materiaal in.

³¹ Sien ook §2.1.3.2.

stof was vir verskillende liggaamsdele en ingewande gebruik. Adam was onmiddellik 'n volgroeide man ná sy skepping en het 'n uitsonderlike voorkoms gehad. In latere geslagte was daar weinig mense wat so geweldig groot soos hy was, of wat die perfekte fisiese voorkoms gehad het. Hy het krag gehad soos dié van Simson, Saul se nek, Absalom se hare, Asahel se vlugheid van voet, Ussia se voorkop, Josia se neusgate, Sedekia se oë en Serubbabel se stem. Volgens die geskiedenis was dit juis hiérdie fisiese voortreflikhede wat uiteindelik tot byna elkeen van dié genoemde persone se ondergang gelei het³². Naas hiérdie voortreflikhede was selfs sy voetsole só skitterend dat dit die prag van die son verduister het. Die aandag wat God geskenk het aan die vorming van Adam se liggaam was weinig in vergelyking met sy besorgdheid oor die skepping van die mens se siel. Dit was reeds die eerste dag geskep toe die Gees van God op die waters gesweef het [Gen 1:2]. Die siel bevat vyf verskillende kragte. Die een krag ontsnap elke nag en styg op na die hemel om nuwe lewe vir die mens te gaan haal. Die legende verklaar dat die samesmelting van die siel en liggaam op die volgende manier plaasvind: nadat 'n vrou bevrug is, neem *Laīlah*, die Engel van die Nag, die bevrugte sel na God wat dan besluit watter tipe persoon dit sal wees.³³ Daarna verloop 'n hele ritueel met *Laīlah* en die siel, sodat die siel en liggaam bymekaar kan kom.³⁴

Sölle et al (1994:19,26) voeg hierby dat, volgens die genoemde Joodse legendes, Adam die ideale man was omdat hy deur God se eie hande en nie, soos ander wemens, deur 'n woord geskep is nie. Sy trane was soos 'n rivier en sy mond soos die oseaan. Hy was egter aards omdat hy geëet en gedrink het en soos die diere voortgeplant het. Sy voorkoms was soos dié van 'n engel, maar die engele het reeds voor sy skepping voorspel dat hy vol leuens en twissoekerig sou wees. Die Joodse

³² Simson: Rigters 16:19,30; Saul: 1 Kronieke 10:4; Absalom: 2 Samuel 18:9,14; Asahel: 2 Samuel 2:23; Ussia: 2 Kronieke 26:19; Josia 2 Kronieke 35:23; Sedekia: Jeremia 52:11.

³³ God besluit of die persoon manlik of vroulik, sterk of swak, arm of ryk, mooi of lelik, lank of kort en so meer sal wees. Vroomheid en boosheid word egter deur die mens self bepaal (Ginzberg 1909:55).

³⁴ Nadat God bepaal het watter tipe persoon dit sal wees, sê Hy aan die engel wat oor die siel aangestel is (*Laīlah*) "Bring aan my die siel van so-en-so, wat in die Paradys versteek is, wie se naam so-en-so is en wie se voorkoms so-en-so is." Die engel bring dan die betrokke siel en buig laag voor God. Op daardie moment gee God die bevel: "Enter this sperm". Die siel maak haar mond oop en pleit: "O Lord of the world! I am well pleased with the world in which I have been living since the day on which Thou didst call me into being. Why dost Thou now desire to have me enter this impure sperm, I who am holy and pure, and a part of Thy glory?" God troos haar dat die wêreld waarheen sy gaan, beter is as die wêreld waar sy tot dusver gewoon het. God sê ook dat dit die doel is waarvoor sy geskep is. Die siel word dan teen haar sin gedwing om in die sperm in te gaan. Die engel neem daarna die sperm terug na die baarmoeder van die vrou (Ginzberg 1909:55-56).

Midrasj meld dat Adam oorspronklik 'n stert gehad het. God het dit van hom wegge-
neem om aan hom eer te bewys.

Volgens 'n Islamitiese legende word Adam in die *Qu'ran* meer positief as in die Bybel voorgestel (Heller 1971:241-242). Daarvolgens het *Allah* met Adam 'n verbond gesluit en hom geskep met die doel om sy regent (*caliph*) op aarde te wees. Dié legende is later uitgebrei met 'n poëtiese beskrywing dat *Allah* engele na die aarde gestuur het om stof vir die skepping van die mens te versamel. Dit stem verder ook ooreen met die Joodse legende dat die verskillende kleure stof vir verskillende liggaamsdele gebruik is. Die stof wat van oor die hele aarde versamel is, is 'n aanduiding van die homogeniteit van die menslike ras. Heller (1971: 242) is van mening dat daar geen twyfel oor die wisselwerking tussen die Islamitiese legende en die Midrasj is nie.

Die Joodse historikus, Josefus, beskryf in sy geskiedenis oor die Jode slegs een skeppingsverhaal. Hy noem dat, volgens Moses, die manlike en vroulike viervoetige diere op die sesde dag geskep is. Die mens is op dieselfde dag gemaak. In sy verhaal word nie melding daarvan gemaak dat die mens na die beeld van God geskep is nie. Hy gee 'n beskrywing hoe God die mens uit stof gevorm het. Hierdie mens is Adam genoem en Eva is later uit een van sy ribbebene gemaak (Whiston 1960:25)³⁵.

Kadosh en Wolfe (1971:238-239) wys daarop dat Philo³⁶ [van Aleksandrië] in sy weergawe van die skepping van Adam die Platoniese model gevolg het. Philo verklaar die skepping van Adam as die skepping van twee afsonderlike mense, naamlik 'n hemelse mens volgens die beeld van God en 'n aardse mens wat uit die stof van die aarde gevorm is. Inderwaarheid is dit die mens se denke, wat slegs deur die intellek waargeneem kan word, wat na die beeld van God geskep is. Die aardse mens, wat ná hiërdie eerste mens geskep is, is sterflik, bestaan uit 'n liggaam en siel en is manlik of vroulik (Yonge 1993:10-11,19).

³⁵ Flavius Josefus is in die jaar 37/38 n.C. gebore en het ná 100 n.C. gesterf. Hy was uit 'n priesterlike familie gebore; sy moeder was uit die geslag van die Hasmonese monargie. Hy was aanvanklik bekend as Joseph ben Matthias 'n Joodse priester. Later het hy, as Flavius Josefus, onder Romeinse burgerskap as Joodse historikus opgetree (Whiston 1960:vii).

³⁶ Ca. 20 v.C. – 50 n.C.; Joodse skrywer en filosoof; lid van een van die rykste en prominentste families in Aleksandrië; het 'n hellenitiese opvoeding gehad, maar was ten volle opgelei in Judaïsme en ten volle bedrewe in die letterkunde, retoriek en filosofie (Berchman 1990:726).

Kadosh en Wolfe (1971:239-240) noem voorts dat, volgens Maimonides³⁷, die skepping na die beeld van God na die menslike intellek verwys. Hy het geglo dat, deur die ontwikkeling van die intellek, gemeenskap met God bereik kan word.

Volgens die Samaritane se Bybel³⁸ was Moses die eerste persoon wat geskep is. Voor die skepping was die Woord, wat deur talle Samaritaanse skrywers as Moses pre-eksistent geïdentifiseer word. 'n Verdere konsep is dat die skepping nie net in terme van Moses nie, maar om sy ontwil, plaasgevind het. Hy was dus in 'n sin die prototipe van alle geskape menslike wesens. Die oorspronklike Adam was dus op die pre-eksistente Moses gevorm. Verskeie Samaritaanse werke beskryf dat Adam en Eva voor die sondeval totaal deur lig omring was (MacDonald 1964:138, 162-164).

Bundy (1990:12) meld dat Judaïsme Adam as die stigter van die mensdom en as die ideale mens beskou. Hy word die sentrale figuur in latere christelike, gnostiese, manigeïstiese, mandeïstiese en islamitiese denke. Patristiese interpretasies van Adam was deur Paulus (Rom 5,6; 1 Kor 15) en Lukas (Luk 3:38) beïnvloed. Paulus sien Adam as 'n tipe Christus, wat as die Tweede Adam, die staat van die mensdom soos voor die sondeval herstel het. Lukas beeld Adam uit as direkte voorvader van Christus. Daar bestaan uitgebreide patristiese literatuur oor Adam. Hy was belangrik in diskussies oor kosmologie, skepping, antropologie, spiritualisme en christologie. Die skeppingsverhale was die fokus van uitgebreide eksegetiese pogings. Berman en Carlebach (1971b:240) wys daarop dat die uitbeelding van Adam as argetipe, asook voorvader van die mensdom, 'n baie groter rol in die christelike teologiese denke as in die klassieke Judaïsme speel. In die Grieks-Ortodokse Kerk word, op die Sondag wat Kersfees voorafgaan, 'n fees ter ere van ons voorouers Adam en Eva gehou.

³⁷ Moses ben Maimon, Maimonides (1135-1204): Was leier van die Rasionaliste Skool; sy werk bestaan uit 'n grootse poging om 'n sintese te vorm tussen Joodse tradisies en Aristoteliaanse filosofie (SA Jewish Museum, Cape Town).

³⁸ Die Samaritane se Bybel bevat slegs die Pentateug. Dit was die enigste deel van die Ou Testament wat gekanoniseer was ten tyde van die Samaritaanse skeuring ca. 400 v.C. Naas die voorspelbare sektariese interpretasie en veelvuldige ortografiese variante, is daar nie veel verskille tussen die Samaritaanse teks en die Masoretiese Teks van Genesis nie (Speiser 1964:lxvi).

Knight (1981:16-18) dui aan dat volgens Genesis 1:27 het "God (het) die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape". Die twee geslagte verteenwoordig gesamentlik die mens. Die finale skeppingsdaad is 'n openbaring van die liefde van God daardeur dat Hy aan die mens die vermoë tot wedersydse liefde gegee het. In die opdrag dat hulle moet vermeerder (Gen 1:28) het God kennelik die seksuele verbintenis geseën. Childs (1962a:42-43) sluit hierby aan en meld dat die skepping van 'n enkele paar nie eksplisiet in Genesis 1:26-27 uitgebeeld word nie. Dit word later in Genesis 5:1-3, in die identifikasie van Adam met die skepping van die menslike spesie, geïmpliseer. Kidner (1967:52) noem dat die woorde "man en vrou" in Genesis 1:27 verreikende implikasies het, deur Jesus se koppeling van Genesis 1:27 en 2:24 – soos in Markus 10:6-7 genoem – as aanduiding van die twee pilare van die huwelik.

Volgens Ryken et al (1998a:12-13) speel die vergelyking tussen Adam en Christus,³⁹ asook die voorstelling van Christus as die laaste Adam (1 Kor 15:45), 'n belangrike rol in die Nuwe Testament. Adam as seun van God⁴⁰ is die vader van die mensdom. Jesus die Goddelike Seun is die Voorsaak van 'n nuwe volk wat alle nasies insluit.

2.1.3.4 Etimologie van die naam Eva

Die *Nag Hammadi*⁴¹ traktaat op *Die oorsprong van die wêreld* bevat 'n teksgedeelte waarin eksegese van voor die 2e eeu gereflekteer word. Dit is gebaseer op die betekenis van die woord vir 'n slang in Aramees. Dit blyk dat die Aramese woorde: Eva, lewe, leermeester en slang, almal van dieselfde stam afgelei is en met dieselfde konsonante geskryf is. Derhalwe verklaar hierdie teks dat 'n hemelse Eva, wie se naam "lewe" beteken, in die gedaante van 'n slang (dit is 'n leermeester) verskyn het met die doel om die aardse Eva te oorreed om van die vrugte te eet en sodoende gnostiese wysheid te bekom. 'n Groep Gnostici, bekend as die Ofiete, het die slang as hulle beskermheer gehad. Volgens die Gnostici het God van die Ou Testament die mens verhoed om wysheid te bekom (Wintermute 1962:817).

³⁹ Sodanige voorstellings kom veral in Paulus se briewe voor, soos in Romeine 3:23-24; 5:12-21; 6:1-11; 1 Korintiërs 15.

⁴⁰ Lukas 3:38, naamlik "die seun van Enos, die seun van Set, die seun van Adam, die seun van God."

⁴¹ Papiri tekste; dertien koptiese kodekse wat 'n magdom gnostiese tekste bevat wat in 1945 by *Nag Hammadi* naby die Nyl ontdek is (Deist 1990:165).

Die herkoms van die naam חַוְוָה [Eva] is kontroversieel. Die gewilde etimologie in Genesis 3:20 verbind die naam met die stam חַיָּה (om te lewe). 'n Rabbyne verwyding verbind die naam met die Aramese חַוְוָה (slang). Die meer algemene vorm אִשָּׁה (vrou) is 'n woordspel in Genesis 2:23 met אִישׁ (man) (Childs 1962b:181-182). Sakenfeld (1993a:207) is van mening dat, alhoewel 'n rabbyne tradisie 'n verband voorgestel het met die Aramese woord vir slang, die werklike linguïstiese herkoms onseker bly.

Tradisioneel is daar 'n betekenisvolle verbintenis tussen 'n naam en die funksie daarvan. Adam het sy vrou *Hawwāh* (Eva) genoem omdat sy die moeder van alle lewendes was. *Hawwāh* suggereer dus 'n etimologiese verwantskap met *hayā* (om te lewe). Die Ugaritiese selfstandige naamwoord *hwt* beteken "lewe". Talle kommentatore verbind die Aramese *hewya*' en variante met Eva, asook met die Arabiese *hayya*, wat "slang" beteken. Dit is duidelik dat verskeie fragmente uit mitologiese tradisies in die verhaal van Eva teenwoordig is. Talle geleerdes het tot die slotsom gekom dat daar 'n godin agter Eva moet wees (Wyatt 1999:316-317).

Die etimologie is aanvullend tot die bespreking rondom Eva wat hierna volg. Dit lewer 'n bydrae om die betekenis van die naam aan die voorstelling van Eva – as "moeder van al wat lewe" – te koppel

2.1.3.5 Eva in die skeppingsverhale en sondeval: teologiese siening en die rol van legendes

Ryken et al (1998c:247) wys daarop dat, ten spyte daarvan dat Eva slegs vier keer by name in die Bybel genoem word⁴², sy 'n belangrike Bybelse karakter en argetipe is. Sy word in veelvuldige rolle uitgebeeld en haar karaktertekening is ambivalent – beide goed en sleg. Sy is die prototipe vrou van die mensdom. Die beelde wat die sterkste met haar geassosieer word, is dié van man en vrou, rib, slang, verbode vrug, pyn en smart met kindergeboorte. Sy is saam met Adam na die beeld van God gemaak (Gen 1:27). Adam gee aan haar die naam Eva, "omdat sy moeder geword het van al wat lewe" (Gen 3:20). Die tweede keer wat haar naam in die Skrif voorkom (Gen 4:1), word die profetiese naam wat deur Adam aan haar gegee is,

⁴² Genesis 3:20; 4:1; 2 Korintiërs 11:3; 1 Timoteus 2:13.

bevestig⁴³. Direk ná die sondeval is Eva se karakterisering positief. Adam probeer verantwoordelikheid ontduik deur die skuld op beide God en Eva te plaas (Gen 3:12). Eva erken wat gebeur het (Gen 3:13).

Ryken et al (1998c:247) noem dat "while pronouncing a curse on Eve in the form of pain in childbearing and being ruled by her husband (Gen 3:16), God at the same time declares Eve as the one through whose seed the Saviour will arise to crush the serpent (Gen 3:15)". In beide hierdie gevalle pas Ryken et al inleeskunde toe op die tekste. In die eerste geval (Gen 3:16) word daar slegs oor die slang (Gen 3:14) en die aarde (Gen 3:17) 'n vloek uitgespreek. Wat Genesis 3:15 betref, is daar nêrens sprake van 'n Verlosser nie, maar dit dui op die stryd tussen die mensdom en die Bose.⁴⁴

Die negatiewe aspek van Eva se status setel daarin dat sy die eerste mens was wat aan versoeking toegegee het (Ryken et al 1998c:247). Dit word egter deur Ryken et al benadruk dat die tradisie van Eva as verleidster en moeilikheidsmaker vir die man – wat vrouehaat tot gevolg gehad het – ten volle 'n produk van ná-Bybelse tradisie is. In Genesis 3:6 is geen sprake van verleiding nie.

Cohen (1939:196, 198) is van mening dat die verhale rondom Eva primitiewe pogings was om die verskynsels van liefde tussen man en vrou, pyn met kindergeboorte asook die minderwaardige sosiale status van die vrou, te verklaar. Bykomend wys Fishbane (1987b:199) daarop dat Genesis 2:24 die sosiale instelling van die huwelik verduidelik: die man verlaat sy vader en moeder om met sy vrou een te word. Die huweliksverbintenis is dus 'n terugplasing van die vrou in haar oorspronklike staat: sy is weer deel van die man se liggaam.

Iets van 'n matriargale weerklank word in Genesis 2:24 waargeneem. Die vraag kan gestel word waarom die man sy vader en moeder verlaat het om saam met sy vrou te lewe en nie andersom nie (Lawton 1986:97-98). Antieke Israel was per slot van

⁴³ Eva word swanger en skenk die lewe aan 'n seun.

⁴⁴ Uit 'n Nuwe-Testamentiese perspektief kan Genesis 3:15 as 'n verwysing na Christus (die Verlosser) geïnterpreteer word. Op die tydstip toe hierdie verhaal op skrif gestel is, sou die outeur/redaktor nie iemand soos Christus in gedagte gehad het nie. Die teks verklaar – naas die stryd tussen die mensdom en die Bose – die vyandskap tussen die mens en die slang asook die rede waarom die mens die slang doodmaak. Op daárdie tydstip was daar nog geen verwysing na die Satan nie. Sien bespreking by §2.3: Rol van die slang in antieke kulture en kultusse.

rekening 'n patriargale gemeenskap. Lawton (1986:97) meen dat, net soos Genesis 3:14-19 etiologies verklaar kan word, Genesis 2:24 moontlik 'n redaksionele etiologiese invoeging kan wees.⁴⁵ Hierdie teks se inhoud kan ook as deel van 'n Godsplan⁴⁶ verstaan word. In die gekompliseerde verhoudings tussen mans en vroue in Israel se geskiedenis is daar dikwels van God se bedoeling vir die huwelik afgedwaal. Cassuto (1961:137) stem saam dat Genesis 2:24 die aanduiding van 'n reeds verdwene matriargale sisteem is, maar is van mening dat daar in die bewoording van Genesis 3:16b⁴⁷ voldoende getuienis opgesluit is dat die man die hoof van die huis was. Volgens Von Rad (1972:232, 262) reflekteer die narratief in Genesis 2 'n tyd-stip in die beskawing toe die mense bewus was van die besonder belangrike rol wat die vrou in die bestaan van die mensdom gespeel het. Genesis 2 is uniek onder al die skeppingsmites in die Antieke Nabye-Ooste in sy waardering vir die betekenis van die vrou, naamlik dat die menslike bestaan 'n vennootskap tussen man en vrou is. Die moeite en smart wat swangerskap en geboorte meebring, verminder hoegenaamd nie die waardigheid van vrouwees en moederskap nie. Die dominerende deur die man, en die gevolglike onderwerping deur die vrou, is nie 'n normale situasie nie, maar 'n verskynsel by die menslike ras wat met die liggaamsbou van 'n man en vrou gepaardgaan.

Calvin (1965:132-136) se standpunt is dat dit God se bedoeling was dat beide die man en vrou vanuit dieselfde oorsprong moes kom. Deurdat die vrou uit die man geneem is, kon die man homself, soos in 'n spieël, in sy vrou herken. Die vrou, weer, het haarself gewilliglik aan die man onderwerp, omdat sy uit hom geneem is. Hiervolgens het God dan ook net een vrou aan 'n man toegeken. Derhalwe is die huweliksverbintenis bedoel om tussen twee persone te wees. Poligamie is dus nie 'n Goddelike instelling nie.

Volgens die weergawe in Genesis 2-3 is die vrou as 'n metgesel vir die man geskep. Die oorspronklike bedoeling was nie dat sy ondergeskik aan hom moes wees nie. In die nadraai van die oordeel wat God oor hulle in die Tuin van Eden uitgespreek het,

⁴⁵ In beide Genesis 3:14-19 en 2:24 word verklarings gegee vir die oorsprong van bepaalde sosiale situasies.

⁴⁶ Die instelling van die huwelik tussen man en vrou.

⁴⁷ " ... en na jou man sal jou begeerte wees, en hy sal oor jou heers".

het die man aan sy vrou 'n naam gegee [Gen 3:20], net soos hy vroeër die diere benoem het. Hierdeur het hy sy mag en gesag oor haar aangedui (Sakenfeld 1993a:207). Naamgewing in die Bybel het 'n gesagsfunksie gehad. Name was nie blote toevallige keuses nie. Daar is 'n dinamiese band tussen 'n naam en 'n persoon (Motyer 1982:810-811). Volgens die Bybelse denke is 'n naam nie slegs 'n etiket vir identifikasie nie, maar 'n uitdrukking van die essensiële aard van die naamdraer. 'n Persoon se naam openbaar sy karakter. Adam was in staat om aan die diere hulle name te gee (Gen 2:19-20) omdat hy hulle aard verstaan het. Dit het ook sy mag en besitreg oor hulle tot uitdrukking gebring. In beide Hebreuse en Babiloniese denke was 'n naam onlosmaaklik verbind aan die begrip "om te bestaan". Niks bestaan tensy dit 'n naam het nie. Die naam is ook die uitdrukking van die innerlike wese van 'n mens. Kennis van 'n naam word dus beskou as die inherente magsbesit oor die betrokke persoon. Dit word van hom verwag om te konformeer tot die essensiële aard soos in sy naam uitgedruk (Abba 1962:500-501). Die man (אָדָם) het die vrou hoog genoeg geag om aan haar dieselfde naam (חַוָּה) te gee as wat hyself gehad het (Cassuto 1961:136).

Onder die bespreking van die etimologie van die naam Eva (§2.1.3.4), is ook verwys na Wyatt (1999:316) se opmerking dat talle geleerdes tot die slotsom gekom het dat daar 'n godin agter Eva moet wees. Volgens hierdie hipotese is daar dus 'n mitiese verbintenis tussen Eva en 'n godin of godinne. Daar bestaan 'n teorie wat 'n verduideliking gee vir die vorming van die vrou uit die man se rib. Hiërdie teorie verwys na 'n Sumeriese spykerskrif-tekst wat die teken *TI* vir beide die woorde "lewe" en "rib" gebruik. In 'n Sumeriese mitiese verhaal word 'n vroulike karakter *NIN.TI* genoem, dit is, "Lady of *TI*", geïnterpreteer as "Lady of Life" en ook as "Lady of the Rib". Struktureel stem dit ooreen met die etiologie vir Eva (*Hawwah*) wat 'n verwantskap toon met *hayâ* (om te lewe). Die tweede interpretasie van *NIN.TI* het aanleiding gegee tot die verhaal dat die vrou uit die man se rib gevorm is (Gaster 1969:21-22). Fishbane (1987b:199) voeg hierby dat volgens hierdie Sumeriese mite *NIN.TI* deur *Ninhursaga*⁴⁸ se toedoen geskep is, nádat *Enki*⁴⁹ 'n pyn in sy rib gekry het.

⁴⁸ Moedergodin en skepper; metgesel van *Enki* (Ann en Imel 1993:341).

⁴⁹ Sumeriese vrugbaarheidsgod wat oor die varswaterbronne geheers het (Van Reeth 1994:73).

Wyatt (1999:316) meld dat Kikawada na 'n Akkadiese formule *bēlet-kala-ilī* ("Mistress of all the gods") verwys wat op die godin *Mami*⁵⁰ van toepassing gemaak word. Kikawada (1972:33-35) suggereer dat *Mami* onderliggend aan Eva is. Sy argument is dat die benaming *bēlet-kala-ilī* – in die *Atra-ḥasīs*-epos⁵¹ – 'n eretitel vir die godin *Mami* was en dat dit verband hou met die benaming "moeder van al wat lewe" wat aan Eva gegee is [Gen 3:20]. Etiologies het Adam sy vrou *Hawwāh* genoem, want sy is *'ēm kol-hay*, dit wil sê: moeder van al wat lewe. ("Moeder" is 'n eretitel vir Eva.) Die *Atra-ḥasīs*-epos gee 'n letterlike sowel as tematiese parallel aan die genoemde Genesis-titel. *Mami* en Eva het dus soortgelyke drie-element name gehad. Aan Eva word haar titel aan die einde van die Tuinverhaal-gebeure gegee, dus net voordat sy aan 'n tweede generasie geboorte skenk. *Mami* ontvang haar titel ook aan die einde van die *Atra-ḥasīs*-epos met die afsluiting van die skeppingsepisode. Dus, in beide die *Atra-ḥasīs*-epos en in Genesis is dieselfde soort drie-element name as eretitels aan belangrike vroue gegee in die konteks van die skepping van die mensdom. Hierdie titels is ook op dieselfde stadium van progressie in beide verhale gegee. Dit is dus waarskynlik dat die verborge figuur van die skepper-moedergodin *Mami* agter die karakter van Eva skuil en dat *Hawwāh* 'n onomastikon is wat van Eva se titel *'ēm kol-hay* afgelei is. Die funksie van die godin *Mami* in die *Atra-ḥasīs*-epos word in die Bybel gedemitologiseer in Eva. In die epos is die godin die skepper, terwyl Eva in Genesis geskep word. In die demitologiseringsproses ontvang Eva nogtans sekere attribute van die godin [soos moederskap], bo en behalwe haar eie karakter. Daardeur is 'n deursigtige bykomende beeld op haar gesuperponeer.

'n Godin met die naam *Hwt* kom voor op 'n gelofte-stela van die Karthaagse nekropolis. Dit begin met die aanduiding: *rbt hwt 'lt mlkt* "Great Lady, *Havvat*, Goddess, Queen ... ". Hier is moontlik 'n verwantskap met die Goriëte godenaam *Hebat*. Laasgenoemde was 'n metgesel van *Teshub* [of *Tsehub*] die Goriëte stormgod (Wyatt 1999:316-317). Die naam *Heba* of *Hebat* – wat 'n vorm van *Ishtar*⁵² in die

⁵⁰ Sy was moeder en beskermvrou, asook 'n skeppergod; bekend in Mesopotamië, Akkad, Sumerië, Babilonië en Assirië; sy is gedurende kindergeboorte aangeroep en was veral goedgesind teenoor vroue wat hulle tweede kind gehad het (Ann & Imel 1993:338).

⁵¹ Held in 'n Oud-Babiloniese Vloedverhaal; hierdie verhaal is 'n uitvloeisel uit die Sumeriese skeppingsmite (Storm 2001:32).

⁵² *Ishtar* was 'n prominente en gewilde godin in die Assiries-Babiloniese panteon; van Semitiese oorsprong was sy dwarsdeur Mesopotamië as godin van liefde, oorlog, vrugbaarheid, kindergeboorte en genesing aanbid; sy kon ook siektes veroorsaak en strawwe toedien (Ann & Imel 1993:333).

Goriëte tekste is – verskyn ook in Hetitiese mites as die vrou van die Stormgod [*Teshub*]. In Hetitiese godelyste word sy aangedui as "*Hebat* queen of heaven, *Hebat* of *Halba*, *Hebat* of *Uda*, *Hebat* of *Kizzuwatna*". In Hetitiese gebede word sy aangespreek as "Sun-goddess of *Arinna*, queen of all the countries in the land which thou madest the cedar land (Libanon?) thou bearest the name *Hebat* ... ". Alhoewel daar geen getuïenis is dat die Bybelse naam *Hawwah* (Eva) afgelei is van of verbind kan word aan die Hetitiese *Heba* of *Hebat* nie, ontsluit dit tog die moontlikheid van so 'n verband (Patai 1992:160-161).

Eva was as 'n godin in Mesopotamië, Sumerië en Fenisië bekend. Sy was die moeder en beskermvrou van die hemel en die hel. In Fenisië was sy die godin van die Onderwêreld wat moontlik met *Ishtar* geïdentifiseer is. In die Nabye-Oosterse tradisie was sy bekend as *Chavah* [*Hawwah*]. In die Persiese mitologie was *Meshiane* die eerste vrou en verwekker van lewe. Dit was die Perse se naam vir die Bybelse Eva (Ann & Imel 1993:326, 329, 338).

In §2.1.3.3 word, onder andere, die voorkoms van Adam beskryf. Volgens Joodse legendes (Ginzberg 1909:60) was daar geen vergelyking in die uiterlike van Eva met dié van Adam nie. Hiërdie legendes beskryf die uitsonderlike beeldskone voorkoms van Adam, terwyl "Eve was but an ape compared with Adam". God het besluit om Eva uit 'n kuis deel [rib] van Adam se liggaam te maak. Sou Hy haar, byvoorbeeld, uit die kop maak, sou sy arrogant wees, uit die oor dan sou sy afgeluister het, uit die mond dan sou sy geskinder het, of uit die hand dan sou sy bemoesiek gewees het. Ten spyte van die groot voorsorg wat God getref het om haar uit die rib te maak, het die vrou nogtans al die foute wat God probeer uitkakel het. Die legendes sê wel dat die vrou se fisiese samestelling baie ingewikkelder is as dié van die man; net so ontwikkel haar intelligensie vinniger as dié van 'n man. Rappoport en Patai (1966:151) voeg hierby dat die vrou uit die rib gemaak is omdat dit 'n deel van die liggaam is wat só weggesteek is dat dit sou bydra dat die vrou beskeie en teruggetrokke sou wees. Patai (1992:161) noem verder dat die verhaal oor Eva se skepping uit Adam se rib moontlik gebaseer was op 'n antieke reliëf of skilderwerk wat die godin *Anat*⁵³

⁵³ Ugaritiese oorlogsgodin; vernietiger van lewe maar ook vrugbaarheidsgodin; geassosieer met Baäl (Ann & Imel 1993:318).

toon waar sy toekyk hoe haar minnaar *Mot*⁵⁴ sy tweeling *Aliyan*⁵⁵ vermoor deur 'n dolk onder sy vyfde rib in te druk. Fishbane (1987b:199) meld dat volgens een rabbynse legende Eva uit die dertiende rib van Adam aan sy regtersy gehaal is, nadat *Lilith*⁵⁶ hom verlaat het.

Sölle et al (1994:19) is van mening dat Eva reeds vanaf vóór die Christelike Era in legendariese *folklore* gehul was. In Joodse literatuur is sy nie die middelpunt van die legendes nie, maar word altyd in verband met ander figure, veral Adam, die slang en die geheimsinnige *Lilith*, genoem. Sölle et al (1994:23) meld voorts dat, volgens Joodse legendes, Eva minderwaardig aan Adam is omdat sy uit sy liggaam gemaak is, en nie uit sy kop nie. Ginzberg (1909:67-68) sluit hierby aan en noem dat, volgens hiérdie legendes, Adam nie vir Eva sou kon liefhê indien God nie 'n diep slaap oor hom laat kom het nie [Gen 2:21]. Die rede sou wees dat mans nie vroue wat hulle sedert hulle jeug ken, kon liefhê nie. Toe Adam wakker word en vir Eva sien, het sy egter sy hart laat klop omdat sy deel van sy liggaam was. Die prag en praal van hulle huwelik was sonder gelyke. Eva het vir Adam haar heer en meester genoem. Nadat Eva die verbode vrug geëet het [Gen 3:6], het sy daarvan aan haar man gegee omdat sy bevrees was dat sy sou sterf en hy ná haar dood 'n ander vrou sou neem. Volgens die legendes was Adam en Eva gestraf slegs omdat hulle nie hulle skuld erken het nie (Ginzberg 1909:73, 74, 80).

Sakenfeld (1993a:207) wys daarop dat beide die Joodse tradisie en die Nuwe Testament 'n baie negatiewe beeld van Eva gee. Sy word as verteenwoordigend van die sogenaamde swakhede van vrou voorgestel. Een moontlike interpretasie van die Genesisnarratief lê klem op Eva se liggelowigheid en haar neiging tot sonde. Genesis 3 gee geen aanduiding waarom die slang die vrou aangespreek het nie. Volgens 2 Korintiërs 11:3 was Paulus bevrees dat die Christene in Korinte van Christus sou afdwaal nes Eva deur die slang se listigheid bedrieg was.

Clark (1990a:331-332) noem voorts dat verwysings na Eva in die vroeë christelike literatuur – soos in 2 Korintiërs 11:3 – haar aan sonde koppel. Volgens die skrywer

⁵⁴ Kanaänitiese/Ugaritiese god van die dood; een van die belangrikste vyande van Baäl – wat vrugbaarheid verteenwoordig – terwyl *Mot* verantwoordelik is vir steriliteit (Healey 1999:598-599).

⁵⁵ Benaming vir die Ugaritiese god Baäl (Dijkstra 1999:18-19).

⁵⁶ Adam se eerste vrou, volgens rabbynse legendes. Sien bespreking onder §2.1.6.

van 1 Timoteus het Eva om twee redes 'n ondergeskikte status gehad, naamlik omdat sy tweede geskep is en dat dit sy was wat die eerste verlei is. Weens haar sonde was sy nie toegelaat om onderrig te gee of oor die man gesag uit te oefen nie (1 Tim 2:11-15). Childs (1962a:43-44) sluit hierby aan en noem dat die verklaring dat dit die vrou was, en nie die man nie, wat aan die sondeversoeking toegegee het, die huidige Joodse eksegeese van Genesis weerspieël. Ryken et al (1998c:247) meen dat volgens Romeine 5:12-14 die sondeval na Adam, en nie na Eva nie, teruggespoor kan word.

Volgens Romeine 5:12 het die sonde "deur een mens" in die wêreld gekom. Daar word nie eksplisiet na Adam of Eva verwys nie. Vers 14 noem dat die dood vanaf Adam geheers het "ook oor hulle wat nie gesondig het in die gelykheid van die oortreding van Adam nie." Ryken et al (1998c:247) kan seker nou die afleiding maak dat die sonde aan Adam, en nie aan Eva nie, toegeskryf moet word. 'n Mens kan nie – uit hierdie teks – dit sondermeer aan mekaar gelykstel dat Adam, en nie Eva nie, vir die sondeval verantwoordelik was nie. Paulus beeld Adam moontlik hier uit as prototipe mens wat gesondig het en nie noodwendig op die veronderstelling dat Adam vir die sonde verantwoordelik was nie.

Christenskrywers van die 2e eeu en later het parallelle getrek tussen Eva en Maria. Beide was maagde, maar die een was ongehoorsaam [en word moeder van al wat lewe] terwyl die ander een haarself gehoorsaam gegee het om die moeder van die Verlosser te word. Patristieke skrywers het ook geglo dat, volgens die oordeel wat in Genesis 3:16 oor Eva uitgespreek is, daar Bybelse regverdiging is vir manlike oorheersing oor die vrou. Tertullianus⁵⁷ herinner sy vroulike gehoor daaraan dat Eva se afstammeling daarvoor verantwoordelik was dat die Seun van God moes sterf. Die neiging was om die blaam swaar op Eva te lê. Daar was ook spekulasie, onder andere deur Augustinus⁵⁸ en Johannes Chrysostomos⁵⁹, of Eva óók ten volle beeldraer van God was soos in Adam se geval (vergelyk 1 Kor 11:7). Vroue was dus deur hierdie skrywers aan hulle "natuurlike" minderwaardigheid herinner. Gnostiese

⁵⁷ Noord-Afrika Christenskrywer en apologet; gebore ca. 160 n.C.; sy geskrifte is van belang in moderne teologiese diskussies (Sider 1990:883-884).

⁵⁸ Leef gedurende 354-430; biskop van Hippo in 'n Romeinse provinsie in Noord-Afrika; het hom eers in sy late lewe tot die Christendom bekeer; het geweldig baie geskrifte oor 'n verskeidenheid onderwerpe nagelaat, onder andere talle teologiese verhandelings (Miles 1990:121-126).

⁵⁹ Ca. 347-407; vanaf 398 biskop van Konstantinopel; grootste prediker in sy tyd in die Vroeë Kerk; leef gedurende die goue eeu van vroeë Christenliteratuur; talle van sy briewe bestaan nog (Wilken 1990:495-497).

tekste het 'n meer positiewe interpretasie gehad, aangesien die mens tot kennis ingelei is deurdat hy van die verbode vrug in die Tuin van Eden geëet het. In hiërdie tekste funksioneer Eva selfs as 'n spirituele prinsipe wat Adam opwek. Sy is ook Adam se leermeester (Clark 1990a:331-332).

Volgens Clark (1990b:940-942) moet versigtigheid aan die dag gelê word om die volle status van vroue in die vroeë Christengeskiedenis te interpreteer. Bronne is beperk en outeurs was mans wat dikwels voorskriftelik geskryf het. Vroue kom egter sterk na vore by martelaarskap⁶⁰ en asketisme⁶¹. Enkele fasette van die vroeë Christenlewe het dus aan vroue die geleentheid gegee om spesiale eer te bekom. Die Pauliniese briewe bevat belangrike getuienis oor vroue. Dit is egter moeilik om te veralgemeen uit situasies van onvertegenwoordigende gemeenskappe. Latere Nuwe-Testamentiese boeke, veral die pastorale briewe, toon by die Christendom 'n groeiende konserwatisme teenoor vroue. Vroue word aangemoedig om hulle tot hulle tradisionele rol van eggenote en moeder te beperk. Vir die eerste keer word daar in die christelike tradisie teologiese regverdiging daarvoor gegee dat vroue nie mag onderlig nie en ook nie gesag oor mans mag hê nie (1 Tim 2:11-15).

Christenlegendes van die vroeë Middeleeue toon teenstrydighede. Enersyds word Eva, wat verantwoordelik gehou word vir die sondeval, verkleineer deur voor te stel dat sy van 'n hond of 'n bobbejaan se stert gemaak was. Andersyds was daar al meer verhale wat die sondeval direk aan die verlossing deur Christus verbind het. In laasgenoemde geval speel Eva dus nie meer 'n rol nie (Sölle et al 1994:26).

Met verwysing na die *Women's Liberation Movement* wat die afgelope eeu momentum gekry het, noem Schüssler Fiorenza (1979:84-86, 91-92) dat een van die belangrikste argumente téén hierdie beweging uit die Bybel gehaal word. Anti-feministe predikers en skrywers hou vol dat dit 'n Goddelike ordening is – soos in die Bybel geopenbaar [Gen 3:16] – dat vroue hulle aan die man moet onderwerp. Wanneer vroue sou protesteer teen diskriminasie en vernedering, asook ongelykheid in die

⁶⁰ Vyf van die twaalf Scillitan martelare was vroue (180 n.C.); onder die bekende martelare van Lyons en Wene (177 n.C.) was die slawemeisie Blandina en haar meesteres; die bekende Perpetua en Felicitas van die 3e eeu in Noord-Afrika was ook vrouemartelare (Clark 1990b:942).

⁶¹ Verskeie vroue-askete het kloosters gestig, soos Maria, suster van Pachomius, en Macrina, suster van Gregorius van Nyssa (Clark 1990b:942).

kerk, word hulle na die Bybel verwys. Volgens die interpretasie van die anti-feministe was die vrou ná die man geskep, sy het sonde en dood in die wêreld gebring en derhalwe is sy van alles van haar man afhanklik. Persone wat wel die beweging vir die bevryding van vroue ondersteun, beroep hulle ook op die gesag van die Bybel, naamlik op wat daar in Galasiërs 3:28 geleer word⁶². Elizabeth Cady Stanton, een van die hooffigure van die vrouebevrydingsbeweging in die 19e eeu, het voorgestel dat alle teksgedeeltes in die Bybel wat na vroue verwys, gelys en bestudeer word (Schüssler Fiorenza 1979:85). Nadat die *Woman's Bible* in 1895 en 1898 verskyn het, het Frances Willard – een van die feministe – die volgende gesê: "I think that men have read their own selfish theories into the book [Bible], that theologians have not in the past sufficiently recognized the progressive quality of its revelation, nor adequately discriminated between its records as history and its principles of ethics and religion" (Schüssler Fiorenza 1979:85). Wat die Nuwe Testament betref, het die feministe tot die gevolgtrekking gekom dat, aangesien meeste Bybelgeleerdes en historici mans is, die Nuwe Testament vanuit 'n man se oogpunt bestudeer word. Uit 'n studie van die enkele Nuwe-Testamentiese rekords oor vroue wat behoue gebly het, is dit duidelik dat vroue in die vroeë Christendom 'n groot invloed gehad het. In die lig van die standarde van die vroeë Judaïsme en die Grieks-Romeinse wêreld, asook die latere Christelike Kerk, was hierdie leierskap van vroue in die Kerk uitsonderlik.

In aansluiting hierby noem Meyers (1988:115-117) dat die kern van die laaste reël in Genesis 3:16⁶³ in die werkwoord "om te heers" lê. Die Hebreeuse stam is *mšl* [משל]. Die werkwoord kom meer as tagtig keer in die Ou Testament voor. Alhoewel dit feitlik deurgaans met "heers" vertaal kan word, is dit belangrik om daarop te let dat die konteks bepaal watter tipe "heers" of "beheer" ter sprake is. Die standaard vertaling van Genesis 3:16 lui: "... en hý sal oor jou heers". Deur die eeue is hierdie teks aanvaar as die aanduiding van geregverdigde manlike oorheersing en vroulike onderdanigheid. Meyers (1988:117) is van mening dat die tyd aangebreek het dat die ongegronde chauvinistiese vertalings opsy geskuif word. Dit is ook noodsaaklik dat die patriargale neiging van Goddelik gesanksioneerde manlike oorheersing uit die weg

⁶² "Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus".

⁶³ "... en na jou man sal jou begeerte wees, en hý sal oor jou heers".

geruim word. Sy stel 'n alternatiewe vertaling voor, naamlik "die oorhand hê", wat nie, soos die huidige vertaling, 'n gesagsimplikasie tot gevolg het nie.

Schmitt (1991:1-2, 13) noem dat in die verband van 'n huweliksverhouding die woord *mšl* as sodanig nêrens weer (soos in Gen 3:16) in die Ou Testament voorkom nie. Hy is van mening dat die idee van manlike oorheersing nie werklik in Genesis 3:16 staan nie, maar dat die oorspronklike bedoeling eerder "soortgelykheid aan" die vrou as "oorheersing oor" haar was. Hy baseer sy aanspraak onder andere daarop dat Eva hierna nie Adam se toestemming nodig gehad het om enigiets te doen nie. Die geboorte van Kain word aangekondig sonder om na die pa (Adam) te verwys (Gen 4:1). Sy gee ook op haar eie aan haar seun Set sy naam (Gen 4:25). Die begrip van *mšl* "om te heers", verwys gewoonlik na 'n politieke konteks⁶⁴. Daar is ook 'n aantal nie-politiese nie-Goddelike teksgedeeltes waarin *mšl* voorkom.⁶⁵ Schmitt (1991:15-18) verkies die vertaling "om te wees soos". Beide die man en die vrou het 'n seksuele begeerte na mekaar. Hierdie wedersydse aangetrokkenheid word tekstueel geantisipeer deur die eensaamheid van die eerste mens wat geen metgesel gehad het nie (Gen 2:18). Die gelykheid van die paar word beklemtoon deur die verklaring: "Dit is nou eindelijk been van my bene en vlees van my vlees" (Genesis 2:23). Ander Antieke Nabye-Oosterse literatuur bied geen vergelykende materiaal nie, aangesien daar nie 'n ander "eerste-egpaar" narratief bekend is nie.

Wanneer die interpretasies wat deur die eeue aan die plek en funksies van Adam en Eva in die skeppingsverhale en sondeval gegee is, krities beoordeel word, kan 'n mens nie anders as om met Eleanor McLaughlin (1979:94) saam te stem nie. Sy sê: "It is not surprising that women within the churches who seek a just voice and role in the traditionally male dominated, hierarchically organized Christian community have found in the history of the church a depressing litany of theological justifications for the oppressive customs of patriarchal societies, of misogyny and neglect intensified by theological images, and ecclesiastical structures and practices that reflected and

⁶⁴ Soos byvoorbeeld in Rigters 8:22; 15:11; 2 Samuel 23:3.

⁶⁵ Onder andere in Spreuke 12:24; 16:32; 17:2.

reinforced the androcentric character of theological and secular definitions of human nature". Christ en Plaskow (1979:3) sluit hierby aan en noem dat vroue die tradisionele argumente vir hulle ondergeskiktheid aan die man begin bevraagteken het. Vroue verwerp deesdae leerstellings wat hulle as persoon in eie reg ontken.

Dit is duidelik dat die manlike outeurs van antieke geskrifte en legendes 'n patriargale stempel op interpretasies afgedruk het. In die geval van die Bybel bestaan die gevaar dat hiërdie interpretasies, wat feitlik deurgaans negatief op die vrou reflekteer en manlike dominansie beklemtoon, die verligte 21ste-eeuse vrou van die Bybel en sy boodskap kan wegdryf. Dit het sekerlik tyd geword om die interpretasie van tekste soos Genesis 3:16 in heroorweging te neem.

2.1.4 Rol van die vrou (godin) in enkele buite-Bybelse mitiese skeppingsverhale⁶⁶

2.1.4.1 Inleiding

Soos in §2.1.3.5 aangetoon, is talle geleerdes van mening dat daar 'n godin agter Eva moet wees – 'n hipotese wat deur die resultate van bepaalde ondersoeke (soos in genoemde paragraaf uitgewys) gesteun word. Vir doeleindes van hierdie studie is dit dus relevant om aspekte van die rol van die vrou (of godin) in enkele mitiese skeppingsverhale na te gaan

Die Egiptiese, Sumeriese, Babiloniese en Kanaänitiese/Ugaritiese skeppingsmites word oorsigtelik in oënskou geneem en aspekte van die vrou se rol in hierdie mites word uitgelig. Die genoemde volke het op een of ander wyse 'n invloed op Israel gehad of 'n rol in sy geskiedenis gespeel. Derhalwe word dié betrokke skeppingsmites in oënskou geneem om te bepaal watter rol die vrou (godin) in hierdie mites gespeel het of sou kon speel.

Westermann (1984:22-24) wys op die nodigheid om 'n mate van onderskeid te tref tussen die verskillende soorte skeppingsmateriaal vir klassifikasie-doeleindes. Die skepping van die wêreld en dié van die mens is gewoonlik in afsonderlike verhale beskryf. Die Egiptiese kosmogonie, byvoorbeeld, beskryf feitlik deurgaans die skepping van die wêreld terwyl die mens skaars genoem word. Die Bybel bevat

⁶⁶ Die leser word daarop attent gemaak dat daar van meeste mites meer as een weergawe bestaan. Vir doeleindes van hierdie navorsingswerk word telkens slegs een van die variante vorms oorsigtelik bespreek.

beide beskrywings, naamlik die skepping van die universum in Genesis 1 en meer spesifiek dié van die mens in Genesis 2. Westermann (1984:26-39) onderskei in breë trekke vier hoofipes skeppingsmetodes wat buite Israel waargeneem kan word, naamlik:

- skepping deur geboorte of opeenvolgende geboortes;
- skepping as resultaat van 'n stryd of oorwinning⁶⁷;
- skepping deur 'n aktiwiteit; dit kan weer onderverdeel word in:
 - skeiding, byvoorbeeld in die *Enuma Elish*⁶⁸ maak *Marduk* die hemelruim uit die een deel van *Tiamat* se liggaam en die aarde uit die ander deel;
 - vorming van die mens uit modder of klei⁶⁹; dit is die mees algemene en wydverspreide motief en kom in primitiewe, sowel as hoogsontwikkelde kulture voor;
- skepping deur 'n woord⁷⁰.

2.1.4.2 Egiptiese skeppingsmites

Die antieke Egiptenare het vier hoof skeppergode gehad, naamlik *Amon-Ra* (*Amon-Re*), *Atum*, *Khnum* en *Ptah*, wat elk die fokus was van 'n belangrike kultus.

Amon-Ra [*Amon-Re*] was een van die gode van die *Ogdoad*⁷¹. As *Amon* was hy by Thebes in Bo-Egipte as vrugbaarheidsgod aanbid. In die 2e millennium v.C. word hy die nasionale god van Egipte en sy naam smelt saam met dié van die oppersongod *Ra* [*Re*]. *Amon-Ra* het nou die geheime mag om gode te maak. *Amon*, in die vorm van 'n slang, was die vroegste wese in die oerwaters. Hy het die kosmiese eier, wat deur die ander lede van die *Ogdoad* gevorm is, bevrug. Uit hierdie kosmiese eier het lewe ontstaan (Willis 1993:39).

⁶⁷ In hierdie geval is dit dikwels 'n stryd tussen die god en die oermonster van die see (soos *Apsu* in Babilonië) of die god van die see (soos *Yam* in Ugarit). Alhoewel daar in Genesis 1:2 slegs 'n spoor is van die stryd met die oermonster van chaos, kom hierdie tema van God se oorwinning oor die oermonster in byvoorbeeld 'n aantal psalms duidelik uit (Westermann 1984:29). Sien §2.1.4.4 en §2.1.4.5.

⁶⁸ Sien §2.1.4.4

⁶⁹ Vergelyk Genesis 2:7. Skepping van die mens uit klei kom in ouer verhale voor, terwyl skepping na die beeld van God 'n latere weergawe is. Daar is getuigenis van verhale ook in Egipte waar die mensdom na die beeld van 'n god geskep is (Westermann 1984:37).

⁷⁰ Dit kom in beide Mesopotamië en Egipte voor as lofprysing vir die god. Opeenvolgende kosmogonieë afkomstig uit die groot Egiptiese heiligdomme gee 'n aanduiding hoedat skepping deur 'n woord 'n gevorderde stadium van teologiese uitdrukking in Memphis bereik het (Westermann 1984:39).

⁷¹ In antieke Egipte was die magte van chaos in agt gode, naamlik die *Ogdoad* gepersonifiseer. Die *Ogdoad* het uit vier pare gode bestaan wat elk 'n bepaalde aspek van die oerstatus van die kosmos verteenwoordig het (Willis 1993:38).

Atum was 'n skeppergod wat by die stad Heliopolis aanbid is. Alhoewel hy, nes *Amon*, in die vorm van 'n slang uit die oerchaos te voorskyn gekom het, was hy gewoonlik in die voorkoms van 'n mens uitgebeeld. Hy was die eerste van die nege gode van Heliopolis, wat die *Ennead*⁷² genoem word. Deur sy eie toedoen is sy semen verdeel in die manlike god *Shu* (god van die lug) en die vroulike *Tefenet* (godin van vogtigheid). *Shu* en *Tefenet* het in die duisternis verlore geraak. Nadat hulle weer met *Ra-Atum* verenig is, is die eerste mense uit *Ra-Atum* se trane van blydschap gevorm. Uit 'n seksuele verbintenis tussen *Shu* en *Tefenet* het *Geb* (god van die aarde) en *Nut* (godin van die hemelkoepel) gekom. *Nut* en *Geb* het twee pare tweelinge gehad, naamlik *Osiris*⁷³ en *Isis*, asook *Seth* en *Nephthys*. In opdrag van *Ra* het *Shu* die paartjie *Geb* en *Nut* geskei omdat hulle in die geheim met mekaar getrou het. *Shu* het *Nut* opwaarts gedruk sodat sy die hemelkoepel gevorm het. *Geb* het onder haar op die aarde gelê met *Shu* tussen hulle (Willis 1993:39-41). In een van die weergawes van die mite het *Nut* vir *Ra* [die Songod] in die aand ingesluk om in die oggend weer aan hom geboorte skenk (Viaud 1996:16).

Die hoofsentrum van die kultus van die god *Khnum* was op die suidelike eiland van Elephantine⁷⁴. Die antieke Egiptenare het geglo dat *Khnum* die jaarlikse Nylvloede beheer. Hierdie vloede was die beliggaming van die lewegewende krag van die Nyl. *Khnum* word as die vader van vaders en moeder van moeders beskryf. Hy het gode, mense en diere uit klei op sy pottebakkerswiel gevorm en die asem van lewe in hulle geblaas (Willis 1993:39).

Die god *Ptah* was by Memphis aanbid. Hy was die god van ambagte en vakmanne en het gode en konings uit kosbare metale gevorm. Die mag van sy skepping lê daarin dat hy deur 'n woord geskep het. Hy het die gode se name hardop uitgespreek (Willis 1993:39).

⁷² Die volledigste Egiptiese weergawe van die skepping hou verband met die *Ennead*; afgelei van die Grieks *ennea* wat nege beteken (Willis 1993:40).

⁷³ *Osiris* was die eerste koning van Egipte, asook die god van landbou; hy het ook die geheime van die beskawing geken; hy is deur sy broer *Seth* vermoor en word hierna die god van die Onderwêreld. *Isis*, sy suster en metgesel, was gebroke nadat sy liggaamsdele deur *Seth* oor Egipte gestrooi is [volgens een van die mites]; sy slaag daarin om by die gestorwe *Osiris* swanger te raak; hulle het 'n seun *Horus*, die god wat as 'n valk voorgestel word (Willis 1993:42-44). *Seth* was die god van storms; sy metgesel *Nephthys* was uitgebeeld as simbool van die barre woestyn (Storm 2001:54, 70).

⁷⁴ Hierdie eiland is oorkant Aswan in Egipte geleë. Die belang van die eiland lê in die Aramese papiri van die 5e eeu v.C. wat daar ontdek is (Kraeling 1962:83).

Alhoewel die vrou (godin) nie as sodanig by die skeppingsdaad in hiërdie mites 'n rol speel nie, is die mites van Egipte nogtans relevant omrede hierdie volk deur die eeue by die geskiedenis van Israel betrokke was. Die skeppingsmetodes toon ook 'n ooreenkoms met die van Genesis⁷⁵.

2.1.4.3 Sumeriese skeppingsmite

Die Sumeriese kosmogonie is uit 'n verskeidenheid mites oor die oorspronge saamgestel. Dit behels 'n aantal gode en reflekteer wedywing tussen gode van verskillende Sumeriese stede. Volgens hierdie mites was die primêre oorsprong van alle dinge die oersee wat die godin *Nammu* gepersonifiseer het. Sy het geboorte geskenk aan die hemelgod *An* en die godin van die aarde, *Ki* wat op hulle beurt die groot gode verwek het. Onder hierdie groot gode was *Enlil* wat verantwoordelik was vir die geordende heelal, landbou, vee, implemente, kuns en beskawing. Die mens is daarna deur *Nammu* geskep om die gode te dien en van lewensmiddele te voorsien. Een van die ander groot gode, *Enki*, se tuiste was *Apsu*, die ondergrondse water. Hy was ook die god van wysheid en die besitter van *me*⁷⁶ (Willis 1993:62). Hy was 'n vrugbaarheidsgod wat oor die waterbronne geheers het (Van Reeth 1994:73).

Die godin (vrou) *Nammu* was – deur haar personifikasie van die oersee – vir die oorsprong van alle dinge verantwoordelik. Sy het ook die mens geskep en het dus 'n primêre rol as skeppergod vervul.

2.1.4.4 Babiloniese skeppingsmite

Die Babiloniese skeppingsmite fokus op *Marduk*, die god van Babilon. Ouer skeppingsmites, wat oorspronklik ander gode geraak het, is op hom oorgeplaas. Die bedoeling was om *Marduk* se posisie as die grootste van alle gode en die superieure god van sy eie stad, te regverdig. Die teks oor die mite is liturgiese poësie wat tydens die Nuwejaarsfees voorgedra is. Hiërdie was die belangrikste godsdienstige fees van Babilon; dit het met die hernuwing van die skepping te make gehad. Volgens hierdie verhaal was dit slegs die soetwater-oseaan, *Apsu*, en die soutwater-oseaan, *Tiamat*, wat aan die begin bestaan het. Uit *Tiamat* en *Apsu* ontstaan 'n

⁷⁵ Skepping deur 'n woord; die mens en dier uit klei gevorm.

⁷⁶ *Me* was 'n sentrale konsep van die Sumeriese godsdiens. Dit was die voorafbestemde goddelike verordeninge wat die ontwikkeling van alle godsdienstige en sosiale instellings bepaal het. Die besitter van *me* het absolute mag gehad en derhalwe was die gode angstig om dit te verkry (Willis 1993:62).

opeenvolging van gode wat hulle hoogtepunt in die gode *Anu* en *Ea* bereik. Uit *Anu* en *Ea* word *Marduk* voortgebring. *Ea* maak *Apsu* dood nadat 'n konflik tussen die jonger gode en oergode ontstaan het. *Tiamat* versamel 'n horde wrede monsters om weerwraak te neem. Sy gee aan haar seun *Kingu*, wat die monsters aanvoer, die Tablet van die Noodlot⁷⁷. Die gode kon nie daarin slaag om *Tiamat* te onderdruk nie, maar *Marduk* het uiteindelik as oorwinnaar uit die stryd getree. Hy maak *Tiamat* dood, verdeel haar liggaam in twee dele, waarvan die een deel die hemelruim en die ander deel die aarde vorm. *Marduk* maak ook vir *Kingu* dood en uit sy bloed gemeng met die aarde skep hy mense. *Marduk* word as koning van die gode erken en kry sy eie tempel, *Esagila*, bo-op die *Ziggurat*⁷⁸ in Babilon (Willis 1993:62).

Terwyl die fokus in hierdie mite op die god (man) *Marduk* is, speel die godin (vrou) *Tiamat* nogtans 'n belangrike rol in die skeppingsgebeure. Haar optrede is aggressief – nie onderdanig nie – alhoewel sy uiteindelik aan *Marduk* moes toegee.

2.1.4.5 Kanaänitiese/Ugaritiese skeppingsmite

El het die oppermag in die Ugaritiese panteon gehad. As die skeppergod en die vader van gode en mense was hy as 'n bejaarde geërde figuur uitgebeeld. Die jong viriele *Ba-'al* was die aktiefste god in die kultus. Hy was 'n vrugbaarheidsgod en is met die stormgod *Hadad* geïdentifiseer. Twee vroulike gode, *Asherah* (of *Astarte*) en *Anat* word met hierdie twee gode geassosieer. *Asherah* en *Anat* was voorbeelde van die vrugbaarheidsgodinne wat dwarsdeur die Antieke Nabye-Ooste voorgekom het. *Asherah*, as metgesel van *El*, was moeder van die panteon. *Anat*, *Ba-'al* se suster (of metgesel), was aan haar gewelddadige en oorlogsugtige karakter uitgeken. *Yam*, die see, en *Mot*, die vernietigende mag van droogte en onvrugbaarheid was *Ba-'al* se opponente (Willis 1993:64). *Ba-'al* het 'n gebrek aan intelligensie getoon deur sy dwaas optrede teenoor *Mot*. Nadat hy sy huis herbou het, het hy die ander gode genooi om die geleentheid te vier. Hy rig 'n uitdaging aan *Mot*, teen wie hy geen kans gestaan het nie. *Ba-'al* eindig in die doderyk en word met die hulp van sy suster *Anat* daar uitgehaal (Handy 1994:102). Toe *Mot* nie vir *Ba-'al* uit die dood wou opwek nie, het *Anat* in woede vir *Mot* doodgemaak. *Ba-'al* het weer teruggekeer na

⁷⁷ Dit stem ooreen met die Sumeriese *me*.

⁷⁸ Dit simboliseer die heilige berg van die god [in hierdie geval *Marduk*]. Dit was 'n baie groot reghoekige struktuur wat moontlik uit drie verdiepings bestaan het wat met trappe aan die buitekant aan mekaar verbind was. Die heiligdom was heelbo (Oliphant 1992:10).

die lewe, maar word gesien as 'n god wat sterf en weer opgewek word⁷⁹ (Storm 2001:25).

Von Rad (1972:60, 65) voeg hierby dat, veral in die Kanaänitiese kultus, die misterie van voortplanting deur orgies en 'n vorm van heilige prostitusie gevier is. Die verhaale oor *El*, *Ba-'al*, *Asherah* en *Anat* vertel in werklikheid nie iets oor die skepping van die gode nie. In die Ras Shamra-tekste is tot dusver geen egte Kanaänitiese/Ugaritiese skeppingsmite gevind nie. Die weergawes van die onderlinge stryd wat die gode voortdurend gehad het, gee 'n kykie in die godsdienstige omgewing waarbinne Israel om bestaansreg vir hulle eie godsdiens moes veg. Handy (1994:77-78) noem dat, alhoewel *El* die skeppergod en vader van die gode was met *Asherah* as moeder van die panteon, hulle nie noodwendig al die gode voortbring het nie. Daar is inderwaarheid nog geen narratief gevind wat duidelik aantoon dat *Asherah* die wettige moeder van al die gode is nie. *El* se vaderskap was nie tot die gode beperk nie, maar hy word ook die vader van die mensdom genoem.

Alhoewel daar tot dusver geen egte Kanaänitiese/Ugaritiese skeppingsmite gevind is nie, het die hoofgodinne (vroue), soos *Asherah* en *Anat*, nogtans 'n belangrike rol in die mites gespeel. Hulle word ook nie onderdanig op die agtergrond uitgebeeld nie.

2.1.4.6 Samevatting

Wanneer die skeppingsmites van die volke rondom Israel ondersoek word, is dit opvallend dat waar daar 'n vroulike god ter sprake is, sy nie 'n randfiguur in die mites is nie. Sy het in alle gevalle – soos in die voorafgaande gedeeltes oorsigtelik bespreek – 'n aktiewe rol gespeel. In sommige gevalle het sy selfs aggressief opgetree. Hier word spesifiek verwys na die rol van *Tiamat* in die *Enuma Elish* (§2.1.4.4) en dié van *Anat* in die Ugaritiese verhale (§2.1.4.5). Dit laat die vraag ontstaan of daar meer spesifiek onder die Israelitiese mans 'n sterk gevoel van chauvinisme bestaan het. Dit wil voorkom asof die vrou by Israel se bure nie tot so 'n groot mate 'n ondergeskikte rol gespeel het nie as in die geval van Eva soos sy deur die Joodse tradisies uitgebeeld is.

⁷⁹ As vrugbaarheidsgod simboliseer hy die afsterwe van die plante en gewasse aan die einde van die somer wat weer in die lente ontkiem en groei.